Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 17, Nr 2, 1987. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# 'n Kort kroniek van die Suid-Afrikaanse Weermag (1912–1987)

(Vertaal deur Redaksie Militaria)

## INLEIDING

MET die herdenking van sy 75ste bestaansjaar kan die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) met trots terugkyk op 'n merkwaardige verlede. Die jong verdedigingsmag, wat slegs twee jaar na Uniewording tot stand gekom het, is reeds binne die eerste twee jaar van sy bestaan in 'n mate beproef wat straks nog nie in die geskiedenis van moderne krygsmagte geëwenaar is nie.

Kwalik meer as 'n jaar na sy stigting, toe dit nog grotendeels op papier bestaan het, het die Unieverdedigingsmag (UVM) opdrag ontvang om 'n geweldadige industriële staking aan die Rand te onderdruk. Enkele maande nadat die UVM sy eerste vuurproef met welslae deurloop het, het dit voor die veel groter krisisse van 'n interne rebellie en 'n wêreldoorlog te staan gekom. Maar weer eens het die jong weermag getoon dat dit teen hierdie uitdagings opgewasse was en teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die UVM reeds ontwikkel tot 'n gedugte, professionele mag wat allerweë respek afgedwing het deur sy vaardigheid, dapperheid en volharding op die slagveld.

Die grondslag waarop die UVM in die uiters moeilike omstandighede van die Eerste Wêreldoorlog gevestig is, was stewig genoeg om die besnoeiingsmaatreëls in die ekonomiese depressie na die oorlog te weerstaan. Gevolglik kon die Unie met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 'n omvangryke en gedugte krygsmag betreklik gou mobiliseer. Net soos in die Eerste Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse magte gou agting en respek by beide hul bondgenote en vyande ingeboesem vir hul professionele optrede, toewyding en deursettingsvermoë. In verhouding tot sy relatief klein bevolking en fisiese hulpbronne, was die Unie se bydrae tot die oorlog minstens net so groot as die van die Geallieerde moondhede.

Met hierdie trotse krygsrekord en militêre tradisie wat in die twee wêreldoorloë gedy het, kon die Suid-Afrikaanse Weermag oor die jare dermate ontwikkel en verbeter dat dit in terme van gehalte vandag nie sy gelyke in Afrika het nie.

Vandag, na 75 jaar, moet die SAW uitdagings die hoof bied wat net so groot en gedug is as dié waarmee dit in vroeër jare te kampe gehad het. Eweneens rus daar 'n grootse taak op sy skouers, nl om die oorlewing van die Republiek van Suid-Afrika te verseker te midde van 'n vyanddiggesinde wêreld wat sy ondergang beoog. Maar te oordeel aan sy trotse verlede wat spreek van prestasies, hoef daar geen twyfel te wees dat die SAW soos in die verlede in navolging van 'n gevestigde tradisie sal oorwin nie.

## DIE BEGIN: 1910–1914

### Voorbereidings vir die stig van 'n Unieverdedigingsmag en die Verdedigingswet van 1912

Hoe merkwaardig dit ook al mag klink, het die proklamasie van die Unie van Suid-Afrika in 1910 geen voorsiening gemaak vir die verdediging van die nuwe staat met 'n totale bevolking van 2 miljoen Blankes, 4 miljoen Swartes, 500 000 Kleurlinge en 150 000 Indiërs nie. Hierdie toedrag van sake was deels te wyte aan die sensitiewe probleme rondom die skep van 'n enkele weermag uit die uiteenlopenende militêre tradisies van Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners. Dit was egter ook daaraan toe te skryf dat die imperiale Britse bewind nie van sy oorhoofse verantwoordelikheid vir die verdediging van die Unie afgesien het nie.

Nietemin het die eerste Staatskoerant van die Unie van Zuid-Afrika (Nr 1 van 31 Mei 1910) vir die skep van 'n portefeulje van verdediging voorsiening gemaak. Hierdie portefeulje is aan een van die hoofargitekte van die Unie toegeken, te wete genl J.C. Smuts wat ook die Minister van Binnelandse Sake en Mynbou was. Tien dae later is mnr H.R.M. Bourne as Ondersekretaris van Verdediging aangestel om genl Smuts by te staan.

Dit het dus beteken dat alle verdedigingsaangeleenthede in die eerste twee jaar na Uniewording ad hoc deur 'n klein seksie van die Departement van Binnelandse Sake in terme van bestaande koloniale wetgewing (wette, proklamasies, regeringskennisgewings en regulasies) hanteer is.

Hierdie onbevredigende toedrag van sake het daartoe gelei dat generaal Smuts hom aktief beywer het vir die voorbereiding van wetgewing wat voorsiening sou maak vir die totstandkoming van 'n verenigde verdedigingsmag in terme van 'n enkele, gekonsolideerde Verdedigingswet. Onder andere is kapt J.J. Collyer getaak om as adviseur op te tree en te help met die voorbereiding van 'n Verdedigingswet wat ten beste in die verdedigingsbehoeftes van die nuutgestigte Unie van Suid-Afrika sou voorsien.

Teen die middel van 1912 was die voorbereidingswerk reeds afgehandel terwyl konsensus in die Kabinet bereik is oor die voorgestelde Verdedigingswet.

Die betrokke Wet (No 13 van 1912) het wye belangstelling en heelwat kommentaar uit die volksgeledere ontlok toe dit in die Volksraad ter tafel gelê is. Dit is dan ook allerweë as die belangrikste nuwe wetgewing beskou wat in daardie jaar aan die Parlement voorgelê is. In die algemeen is die Wet besonder gunstig ontvang omdat dit klaarblyklik reg laat geskied het aan Engelse sowel as Afrikaanse militêre tradisies. Die Wet is op 13 Junie 1912 deur die Goewerneur-generaal, Hoogedele Burggraaf Gladstone goedgekeur en die volgende dag (14 Junie) is dit amptelik in die Staatskoerant afgekondig.

Die Verdedigingswet van 1912 se filosofie het berus op die beginsel van persoonlike diens in die sin dat die verdediging van die Unie beskou is as die verantwoordelikheid van *elke individuele burger.*

Die belangrikste bepalings van die Wet kan soos volg saamgevat word: Elke blanke burger in die ouderdom van tussen 17 en 60 jaar moes ter verdediging van sy land persoonlike militêre diens in enige deel van Suid-Afrika of buite die Unie verrig; elke burger was onderhewig aan die verpligting om oor 'n tydperk van 4 jaar tussen sy 17de en 25ste lewensjaar militêre opleiding in die Aktiewe Burgermag of die Koninklike Marinevrywilligerreserwe *(Royal Navy Reserve)* te ondergaan. 'n Sekere persentasie burgers sou elke jaar vir hierdie opleiding opgeroep word. Van die oorblywende gedeelte is verwag om in dieselfde tydperk (dws 4 jaar) by skietverenigings aan te sluit. Nie-Blankes het geen verpligting ten opsigte van persoonlike militêre diens gehad nie, maar niks het hul verhoed om as vrywilligers aan te sluit nie.

Benewens die Aktiewe Burgermag en die skietverenigings, is ook 'n Staande Mag gestig bestaande uit 'n hoofkwartier, opleidings- en administratiewe personeel en vyf regimente berede skutters (met toegevoegde artillerie) wat afgesien van hul militêre pligte ook polisiediens moes lewer.

Voorsiening is ook gemaak vir 'n Kusverdedigingskorps, verskeie indelings van reserwes, 'n Lugkorps en 'n Korps van Skoolkadette.

In hierdie stadium is geen voorsiening vir 'n Hoof van die Generale Staf gemaak nie. Die drie uitvoerende bevelhebbers, nl die Kommandant-generaal van die Aktiewe Burgermag, die Inspekteur-generaal van die Staande Mag en die Kommandant van die Kadetkorps is regstreeks onder die beheer van die Minister geplaas. Op sy beurt is die Minister geadviseer deur 'n Verdedigingsraad bestaande uit vier vooraanstaande gewese krygshere. Ten slotte was daar ook die Sekretariaat wat die burgerlike afdeling onder die Sekretaris van Verdediging gevorm het en spesifiek met finansiële administrasie belas was.

Vir opleidingsdoeleindes is die Unie in 15 militêre distrikte onderverdeel.

## Die implementering van die Verdedigingswet en die geboorte van die Unieverdedigingsmag

Ofskoon die Verdedigingswet op 14 Junie afgekondig is, het die werklike implementering daarvan eers op 1 Julie plaasgevind. Op 1 Julie is die koloniale militêre poste van die Kommandant-generaal, Kaapse Verdedigingsmag, die Kommandant van die Militia (Natal) en die Inspekteur van die Vrywilligers (Transvaal) amptelik afgeskaf. Terselfdertyd het 'n hoofkwartier vir die Univerdedigingsmag in Pretoria tot standgekom. Om hierdie rede word 1 Julie 1912 algemeen aanvaar as die stigtingsdatum van die Unieverdedigingsmag.

Die Unieverdedigingsmag se hoofkwartier is in drie afdelings verdeel, nl:

a. Die Sekretariaat, 'n siviele seksie wat vir die Unieverdedigingsmag se finansies verantwoordelik was en onder die Ondersekretaris van Verdediging gestaan het;
b. die Generale Stafafdeling wat met alle aspekte van militêre organisasies gemoeid was; en
c. die Administratiewe Seksie wat verantwoordelik was vir bevoorrading, vervoer ens.

Die totstandkoming van 'n verdedigingshoofkwartier op 1 Julie 1912 in Pretoria het saamgeval met die nominering van 51 offisiere van die gewese Britse kolonies en Boererepublieke om 'n kursus by die Presidensie (Bloemfontein) by te woon onder die toesig van die Suid-Afrikaanse Militêre Skool wat op dieselfde dag in die lewe geroep is. (Die Suid-Afrikaanse Militêre Skool, voorloper van die SA Militêre Kollege, is op 1 Januarie 1914 na Tempe verskuif.)

Die groep van 51 offisiere wat bekende name soos J. Lewis, W.E.C. Tanner, E.T. Thackwray, P.V.G. van der Byl, A.H. Nussey, S.G. Maritz, A.J. Brink en J.C.G. Kemp ingesluit het, kan werklik beskou word as die vaders van die Unieverdedigingsmag aangesien hulle meeste van die oorspronklike hoofkwartier- en distrikstafoffisierposte in die UVM gevul het.

Op 1 April 1913 is 'n belangrike mylpaal bereik met die totstandkoming van die Staande Mag (SM) onder bevel van brig genl H.T. Lukin kragtens Proklamasie 219 van 13 Desember 1912. Die Staande Mag het bestaan uit vyf regimente van die *Suid-Afrikaansche Bereden Schutters* (ZABS) wat op 'n gedesentraliseerde basis te King William's Town, Pietermaritzburg, Dundee, Pretoria en Kimberley gestasioneer was. Kragtens die Verdedigingswet moes 'n permanente battery artillerie deel uitmaak van elke regiment. Nietemin was die (ZABS) in werklikheid 'n militêre polisiemag soos die Kaapsche Bereden Schutters wat meesal polisiewerk in hul onderskeie geografiese gebiede verrig het. Teen Mei 1913 het die totale sterkte van die ZABS gegroei tot 103 offisiere, 348 onderoffisiere en 1 565 skutters, terwyl die nie-blanke seksie uit byna 2 000 swart en Indiërkonstabels bestaan het.

Nog 'n belangrike organisatoriese mylpaal in die vroeë geskiedenis van die UVM is op 1 Julie 1913 bereik, toe die Aktiewe Burgermag (onder brig genl C.F. Beyers), Kusgarnisoen en nuwe Kadetorganisasie tot stand gekom het. Die goedgekeurde sterkte van die Aktiewe Burgermag en Kusgarnisoen was 25 155 en teen 31 Desember het die werklike sterkte op nie minder nie as 23 462 gestaan. Die aanvanklike sterkte van die Kadetorganisasie was 11 318 met die samesmelting van al die Kadetkorpse wat voor Uniewording bestaan het.

Op 1 Julie 1913 is ook begin gemaak met die vorming van die voorgestelde skietverenigings wat bestem was om dieselfde rol te vervul as die vorige kommando's en skietverenigings van die Boererepublieke en die Britse kolonies. Ervare militêre personeel is deur generaal Beyers as kommandante van die nuwe skietverenigings aangestel met die opdrag om die skietverenigings in hulle onderskeie distrikte tot stand te bring en te organiseer. Voorsiening is gemaak vir die uitreik van 'n regeringsgeweer en bandolier asook 'n gratis uitreiking van ammunisie aan die lede van die skietverenigings. Voorsiening is ook gemaak vir seuns tussen 13 en 17 om kadetlede van die skietverenigings in plattelandse distrikte te word.

Die hernude skietverenigingskema was so gewild dat meer as 42 000 lede binne 'n jaar by die verenigings aangesluit het, onder wie 'n groot persentasie vrywilligers.

## Die Industriële krisis van Januarie 1914

Die nuutgestigte Unieverdedigingsmag het beswaarlik tyd gehad om effektief te organiseer toe dit met sy eerste werklike toets in die vorm van die industriële onrus van Januarie 1914 gekonfronteer is.

Die onrus wat by die steenkoolmyne van Dundee begin het, het vinnig na die Rand, Kaapstad en Durban versprei en toe die plaaslike magte nie die situasie kon hanteer nie, het die Regering besluit om die Staandemag- en Aktiewe Burgermageenhede wat op die Witwatersrand gestasioneer was,

sowel as Klas B-reserviste op te roep. Die snelle mobilisasie van die UVM in die Transvaal het duidelik selfs die meer radikale leiers van die stakings ontsenu en teen die middel van Januarie is wet en orde dwarsdeur die Unie herstel.

## DIE REBELLIE EN DIE EERSTE WÊRELDOORLOG

### Die Rebellie en die Duits-Suidwes-Afrika-veldtog

Ses maande na sy suksesvolle ontplooiing teen die stakers, was die UVM gekonfronteer met 'n baie ernstiger krisis nl die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914. Die Unieregering met genl Louis Botha as Eerste Minister het onmiddellik verantwoordelikheid vir die verdediging van die Unie aanvaar ten einde die Britse soldate wat in Suid-Afrika gestasioneer was, vry te stel om elders diens te doen.

Die Unieregering het ook, op versoek van die Britse regering, onderneem om Duits-Suidwes-Afrika (DSWA) in besit te neem om sodoende die Duitsers die gebruik van die gebied se strategiese belangrike hawens en uitsaaistasies te ontsê.

Om bogenoemde doel te verwesenlik het die UVM in September 1914 'n ekspedisiemag per skip na Lüderitzbucht versend, terwyl 'n ander mag onder brig genl H.T. Lukin te Port Nolloth geland het. 'n Derde mag onder lt kol S.G. (Manie) Maritz is beveel om vanaf sy basis, Upington, na Keetmanshoop op te ruk.

Op 26 September is 'n klein afdeling van Lukin se mag te Sandfontein deur 'n baie groter Duitse mag oorweldig. Nuus oor hierdie terugslag het nog skaars die Unie bereik of nog 'n ernstiger ramp tref die Unie se gewapende magte. Die bekende bevelvoerders C.F. Beyers, S.G. Maritz en J.C.G. Kemp het met etlike duisende van hul ondersteuners gerebelleer uit protes teen die regering se besluit om in die oorlog betrokke te raak.

Die Rebellie het nie alleen die planne om DSWA in te val vertraag nie, maar was ook 'n bedreiging vir die voortbestaan van die nuutgestigte UVM.

Die UVM het egter op manjifieke wyse sy man gestaan en homself bewys. Die oorgrote meerderheid van die UVM se lede het lojaal aan die regering gebly en binne 'n paar weke is 30 000 man gemobiliseer om die Rebellie te onderdruk. Genl Botha se besliste militêre optrede, gepaardgaande met taktvolle en tegemoetkomende onderhandelingsmetodes, was teen die middel van Desember verantwoordelik vir die mislukking van die Rebellie, alhoewel die laaste van Maritz en Kemp se magte eers in Februarie 1915 oorgegee het.

Die onderdrukking van die Rebellie het die UVM in staat gestel om voort te gaan met sy planne om DSWA van die Duitsers te verower. Op Kersdag 1914 het 'n groot mag onder bevel van genl Botha by Walvisbaai geland en vroeg in die nuwe jaar is suksesvol aan twee fronte aangeval: eerstens langs die spoorlyn vanaf Swakopmund na die lewensbelangrike spoorwegeindpunt te Karibib en tweedens langs die Swakoprivier. Die sentrale, suidelike en oostelike magte onder onderskeidelik brig genl McKenzie, lt kol Van Deventer en lt kol Berrange het intussen 'n derde frontaanval vanuit die suide geloods.

Karibib is op 6 Mei deur genl Botha se noordelike magte verower. Windhoek, die hoofstad, is op 11 Mei deur die Uniemagte in besit geneem en teen daardie tyd het die Duitse weerstand in die suide in duie gestort.

Na 'n periode van hergroepering en konsolidasie het genl Botha die weerstand van die oorblywende Duitse magte in die noorde teen die einde van Junie gebreek deur 'n takties slim en hoogs maneuvreerbare aanval langs die spoorlyn na Grootfontein en Tsumeb te loods. Op 9 Julie het dr Theodor Seitz, die Duitse Goewerneur, en kol V. Franke, die militêre bevelvoerder, by Khorab naby die dorpie Otavi oorgegee. Altesaam 4 740 Duitse troepe met 37 kanonne het oorgegee.

Die DSWA-veldtog kan met reg beskou word as die vuurdoop van die UVM. Sowat 67 000 soldate is gedurende die veldtog gemobiliseer en in minder as ses maande het die Unieverdedigingsmag die wydverspreide magte tot oorgawe gedwing. Dit het die UVM gedoen in 'n gebied van ongeveer 322 000 vierkante myl sonder die hulp van enige van sy bondgenote en met 'n verlies van slegs 266 ongevalle.

### Die Oos-Afrika-veldtog

Die verowering van DSWA het 'n groot aantal soldate beskikbaar gestel om diens elders te doen en die logiese oorlogsfront waar die UVM aangewend kon word, was Oos-Afrika. Hier was die Britse magte te klein om aan die begin van die oorlog te verhinder dat die Duitse bevelvoerder in Tanganjika, Paul von Lettow-Vorbeck, die Britse kolonie Kenia in besit neem.

Volgens ooreenkoms het die Unieregering onderneem om twee infanteriebrigades, drie berede

brigades en 'n Kaapse Korps-bataljon op die been te bring asook artillerie en ondersteunende dienste vir die veldtog wat daarop gemik was om die Duitsers uit Oos-Afrika te dryf.

Die taakmag vir Oos-Afrika moes egter op 'n vrywillige basis saamgestel word as sogenaamde Imperiale dienseenhede omdat die Unieverdedigingswet van 1912 bepaal het dat lede van die UVM alleenlik verplig kon word om militêre diens te verrig indien dit ter verdediging van die Unie self was.

Teen Desember 1915 was die eerste Suid-Afrikaanse soldate op pad na Kenia, en generaal J.C. Smuts is daaropvolgend aangestel as opperbevelvoerder van die Imperiale magte in Oos-Afrika. Hulle het op 19 Februarie te Mombasa gearriveer.

Die veldtog teen Von Lettow-Vorbeck se bekwame en ontwykende magte sou 'n lang en moeisame operasie wees en siekte sou meer ongevalle as die optrede van die vyand self eis. Genl Smuts se mag, tesame met 'n mag onder brig genl J.L. van Deventer, het desnieteenstaande daarin geslaag om vordering suidwaarts in Tanganjika te maak, terwyl 'n oorwegend Britse mag onder genl Northey in posisie gebring is om die terugtrekkende Duitsers oos van die Niassameer af te sny. Teen Januarie 1917, met die vertrek van genl Smuts na Londen om aan te sluit by die Imperiale Oorlogskabinet, was die Duitse magte uitgeput maar nog nie verslaan nie.

Die veldtog het nou 'n guerilla-fase bereik en ongeveer 12 000 UVM-soldate is na die Unie gerepatrieer. Baie van hulle was liggaamlik wrakke na herhaalde aanvalle van malaria en disentrie. Genl van Deventer het egter agtergebly as opperbevelhebber oor al die Geallieerde magte in Oos-Afrika tot die Duitse magte op 25 November 1918 finaal oorgegee het. Teen hierdie tyd het daar reeds meer as 2 000 Suid-Afrikaners gesterf.

## Die Veldtog in Vlaandere, Egipte en Palestina

By die beïndiging van DSWA-veldtog het die Unieregering toegestem om 'n Infanteriebrigade op die been te bring vir diens saam met die Britse magte in Frankryk. Vier bataljons vrywilligers van die Kaap, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal en Rhodesië asook van die Skotse regimente is hierop gerekruteer om 1 SA Infanteriebrigade met 'n sterkte van 5 800 man onder die bevel van brig genl H.T. Lukin te vorm.

Na 'n aanvanklike periode van opleiding in die Unie, het die brigade vroeg in November 1915 in Brittanje gearriveer en verdere opleiding ontvang voordat hulle na Frankryk vertrek het. Byna onmiddellik hierna is 1 SA brigade na Egipte gestuur waar 'n opstand van die Sanussi onder aanhitsing van die Turke die Britse magte wat die Suezkanaal verdedig, bedreig het.

Die Suid-Afrikaners het vroeg in Januarie 1916 by Alexandrië geland en op 25 Februarie was twee Suid-Afrikaanse bataljons betrokke in 'n hewige veldslag te Agagia, suidoos van Sidi Barrani, wat geëindig het in 'n algehele neerlaag vir die Turks-Sanussi-magte en die gevangeneming van die Turkse bevelvoerder Gaofer Pasha.

Die suksesvolle verloop van die Egiptiese kampanje het die weg gebaan vir 1 SA Brigade se ontplooiing in Frankryk in April.

Na 'n tydperk van intensiewe oriëntering en opleiding saam met die beroemde Negende Skotse Divisie waaraan hulle verbonde was, is 1 SA Brigade aan die begin van Julie 1916 in die bloedige slag van die Somme gewerp en in besonder in die gevegte om die Trones-woud, Bernafay-woud, Longueval en Delvillebos. In hierdie veldslae wat van 5 tot 20 Julie 1916 geduur het, is die SA Brigade byna uitgewis. Dit het uit die slagveld te voorskyn getree met slegs 29 offisiere en 751 manskappe uit 'n totaal van byna 4 000 wat tot die slag toegetree het. Nietemin het die ongelooflike dapperheid en uithouvermoë wat die Suid-Afrikaners tydens die Slag van Delvillebos aan die dag gelê het, vir hulle 'n reputasie verwerf wat nie vergeet sal word nie.

Nadat hulle weer op sterkte gebring is met die broodnodige versterkings uit die Unie, het die SA Brigade tot aksie oorgegaan in die gebied van Butte de Walencourt in Oktober 1916. Die volgende jaar het die Brigade deelgeneem aan die veldslae van Arras (April 1917), en die derde slag van Ypres (September—Oktober 1917), en het swaar verliese tydens beide veldslae gely. In 1918 is die Brigade weer eens byna heeltemal uitgewis in die massiewe somer-offensief van die Duitsers, maar het later betyds hergroepeer. Dit het aan die finale deurbraak van die Geallieerdes in Frankryk deelgeneem, wat die oorlog beëindig het.

Die veldtog in Frankryk en Egipte het altesaam 4 454 Suid-Afrikaanse lewens geëis en meer as 10 000 is gewond.

Suid-Afrikaanse troepe het hulle ook onderskei in Palestinië gedurende genl Allenby se veldtog teen die Turke. Ses beleëringsbatterye Suid-Afrikaanse swaar artillerie is gedurende die somer van 1916 in Palestinië, tesame met 'n brigade veldartillerie en 'n afdeling van die Kaapse Korps ontplooi.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 17, Nr 2, 1987. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## Die rol van SA vlieëniers in die Eerste Wêreldoorlog

Hoewel militêre vliegkuns nog in sy kinderskoene was tydens die vorming van die UVM, het die Verdedigingswet voorsiening gemaak vir die stigting van die Suid-Afrikaanse Vlieënierskorps, onder die artikel van die Wet wat betrekking gehad het op die ABM. Teen die einde van 1912 is die kommandant-generaal van die Burgermag, brig genl C.F. Beyers deur genl Smuts na Engeland en Europa gestuur om ondersoek in te stel na en te rapporteer oor die gebruik van vliegtuie in militêre optredes.

Genl Beyers was so beïndruk deur wat hy gesien het, dat hy by sy terugkeer in die Unie die daarstelling van 'n vliegopleidingskool ten sterkste aanbeveel het. Die regering het gevolglik vir Compton Patterson gekontrakteer om, kragtens 'n Staatskoerant gepubliseer op 10 Mei 1913, vliegopleiding aan 'n uitgesoekte groep vlieëniers te gee by die vliegskool te Kimberley.

In April 1914 is ses van die aanvanklike groep van 10 leerlinge as luitenante op proef in die Suid-Afrikaanse Vlieënierskorps van die aktiewe Burgermag aangestel en na Engeland gestuur om verder opleiding te ondergaan by die "Central Flying School" te Upavon. Met die uitbreek van die oorlog in Augustus 1914 het die ses Suid-Afrikaners toestemming verkry om aan te sluit by die "Central Flying Corps", en die groep sou deelneem aan die eerste lugverkennings- en artillerie-opsporingsvlugte oor Frankryk gedurende die laaste maande van 1914.

In Januarie 1915 is die Suid-Afrikaanse vlieëniers na Suid-Afrika teruggeroep om te help met die amptelike samestelling van die Suid-Afrikaanse Vlieënierskorps (SAVK), vir diens in DSWA, en in Mei kon ses Henri Farman-vliegtuie opstyg ter ondersteuning van generaal Botha se noordelike mag. Binne 'n baie kort tyd het die jong SAVK-vlieëniers hulself bewys, deur gereelde verkenningspatrollies uit te voer en genl Botha voortdurend op die hoogte te hou van die vyand se bewegings en posisies. Genl Botha was so beïndruk dat hy by die afsluiting van die veldtog die oortuiging uitgespreek het dat die gebruik van vliegtuie merkbaar bygedra het tot die vinnige afhandeling van die veldtog.

Die SAVK is na die DSWA-veldtog ontbind, maar die meerderheid van sy vlieëniers het hul vir vrywillige diens in Engeland aangemeld. Hier sou hulle die kern vorm van 26 (Suid-Afrikaanse) Eskader van die "Royal Flying Corps" (RFC). Nadat 26 Eskader op volle sterkte gebring is deur verdere rekrute uit die Unie, is hulle in Desember 1915 na Oos-Afrika gestuur met BE 2E- en Henri Farman-vliegtuie om verkenning, bombardering en kommunikasie-sendings ter ondersteuning van Genl Smuts se magte, uit te voer. 26 Eskader het bewonderenswaardig opgetree in uiters veeleisende en moeilike omstandighede tot hulle uiteindelike herroeping na Engeland in Junie 1918. Die volgende maand is die eskader ontbind.

Afgesien van die Suid-Afrikaners wat in 26 Eskader gedien het, het etlike honderde Suid-Afrikaners vrywilliglik vir diens by ander eskaders (RFC) gedurende die verloop van die oorlog aangemeld, onder andere kapt Alistair Miller, Andrew Weatherby Beauchamp-Proctor en Pierre van Ryneveld.

## Oorlogtydse administratiewe veranderinge in die UVM

Verskeie belangrike administratiewe veranderinge het gedurende die Eerste Wêreldoorlog in die UVM plaasgevind as direkte gevolg van tekortkominge in die bevel- en beheer-organisasie wat deur die vereistes van die oorlogsituasie blootgelê is.

Toe die Kommandant-generaal van die Aktiewe Burgermag in September 1914 bedank het, is hy nie vervang nie, aangesien genl Smuts in sy hoedanigheid as Minister van Verdediging direk verantwoordelikheid vir die Burgermag aanvaar het. Op 2 Augustus 1915 was daar verdere veranderinge in die organisasie van die opperbevel. Brig genl J.J. Collyer se pos van Stafoffisier, Algemene Stafdienste is herbenoem na Hoofstafoffisier, Algemene Stafdienste en Adjudant-generaal. Die offisier in beheer van die Administratiewe Seksie het die Kwartiermeester-generaal op 14 Maart 1916 geword en die hoof van die Seksie Geneeskundige Dienste het Direkteur van Geneeskundige Dienste geword. Op 4 Junie 1917 is die pos van Hoofstafoffisier Algemene Stafdienste en Adjudant-generaal weer eens gewysig om Hoof van die Generale Staf/Adjudant-generaal te word.

Die funksies van die Adjudant-generaal is op 28 Mei 1918 finaal van die van Generale Stafafdeling geskei, toe 'n belangrike herorganisasie van die bevelstruktuur plaasgevind het. Tot en met hierdie datum is alle militêre beleid deur die Minister gedikteer via sy burgerlike Sekretaris van Verdediging. In Mei 1918 het die Hoof van die Generale Staf (HGS) verantwoordelikheid aanvaar vir die koördinering van alle militêre stafwerk by VHK en vir die deurgee van die Minister se opdragte aan die UVM. Onder die HGS was daar vier afdelings: die Generale Stafafdeling, Adjudant-generaal, Ge-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 17, Nr 2, 1987. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

neeskundige Dienste en Kwartiermeester-generaal se afdeling.

### Statistiese opsomming van die Suid-Afrikaners wat in die Eerste Wêreldoorlog diens gedoen het

Altesaam 254 666 Suid-Afrikaners van alle rassegroepe het gedurende die Eerste Wêreldoorlog in uniform gedien, te wete 146 897 Blankes, 25 000 Kleurlinge/Indiërs en 82 769 Swartes. Hieruit het 8 325 Blankes, 893 Kleurlinge/Indiërs en 3 136 Swartes in gevegte of in die uitvoering van hul pligte omgekom.

## DIE NA-OORLOGSE TYDPERK 1919—1939

### Demobilisasie en rasionalisasie

Die beëindiging van vyandelikhede in November 1918 is gevolg deur 'n tydperk van intensiewe demobilisasie en rasionalisasie in die UVM wat teruggesny is van oorlogsterkte tot sy vredestydse sterkte voor die oorlog.

Een van die eerste prioriteite mbt verdedigingsaangeleenthede was die skikking van die hoogs ingewikkelde oorlogtydse rekeninge en skulde wat bestaan het tussen die regerings van Groot-Brittanje en die Unie.

'n Belangrike komponent van die uiteindelike skikking wat bereik is, was 'n besluit van die Imperiale Regering om sy verantwoordelikheid vir die verdediging van die Unie geheel en al te beëindig en om al die eiendomme en fasiliteite van die Imperiale Garnisoen in die Unie aan die UVM oor te dra. Die laaste Britse troepe het gevolglik die Unie teen die einde van 1921 verlaat, en al die gronde, geboue en troepekwartiere ens wat aan die Britse oorlogsdepartement en admiraliteit behoort het, is aan die UVM oorhandig.

Wat die res betref, is 'n beleid van streng besuiniging en inkorting deur die UVM gevolg, met twee militêre distrikte wat in drie gevalle saamgevoeg is onder een Distriksoffisier.

Verdere besuiniging is bewerkstellig deur die pos van Inspekteur-generaal op 31 Desember 1921 af te skaf, met die oorname van die werk van dié afdeling deur die Adjudant-generaal. Die HGS het alreeds in 1919 die funksies van die Kommandant van Kadette oorgeneem.

### Stigting van die SA Lugmag en SA Vlootdiens 1920—1922

Ten spyte van die beleid van streng besuiniging en inkorting wat mbt die UVM toegepas is in die jare na die oorlog, was twee uitstaande hoogtepunte van die betrokke tydperk die totstandkoming van die SA Lugmag in 1920 en die SA Vlootdiens in 1922.

Die ondervinding van die Eerste Wêreldoorlog het die onontbeerlikheid en potensiaal van lugkrag in militêre konflik sonder twyfel bewys. Genl Smuts, wat deel gehad het aan die stigting van die Britse Lugmag in die latere stadiums van die oorlog terwyl hy op die Imperiale Oorlogskabinet gedien het, was vasbeslote dat die UVM sy eie lugarm sou hê na die oorlog.

Op 1 Februarie 1920 is Sir Pierre van Ryneveld dus aangestel as Direkteur Lugdienste (DLD) met die opdrag om 'n onafhanklike Lugmag in die Unie tot stand te bring. Van Ryneveld se aanstelling as DLD word amptelik aanvaar as die geboortedag van die SA Lugmag (SALM), hoewel die SALM eers op 1 Februarie 1923 gelys is as een van die eenhede van die hersaamgestelde Staande Mag.

Die totstandkoming van die SALM is grootliks moontlik gemaak deur die uiters vrygewige besluit van die Imperiale Regering in 1919 om sowat 100 vliegtuie uit die oorlogsvoorraad, volledig met onderdele en toerusting, aan die Unie te skenk. Die "Imperiale Geskenk", soos dit bekendgestaan het, het die oorplasing van 48 De Havelland DH 9's, 30 Avro 504k's en 22 "Scout"-tipe SE 5 vliegtuie behels, plus werkswinkel-masjinerie, onderdele, staalraamwerke vir 20 permanente loodse, radio- en fotografiese toerusting, lugvaartbrandstof, olie, smeermiddels ens aan die SALM.

Teen die helfte van 1921 is 'n standplaas te Zwartkop (later Swartkop) 3 km oos van Robertshoogte (later Voortrekkerhoogte) gekies as die standplaas vir die SA Lugmag se eerste vliegveld, en teen die volgende jaar was die SA Lugmag ten volle operasioneel met 'n vlug van ses vliegtuie wat vanaf Swartkop geopereer het.

In 1922 het die Unie se eerste onafhanklike Vloot, amptelik bekend as die Suid-Afrikaanse Vlootdiens (SAVD), tot stand gekom.

In 1921, tydens die Imperiale Konferensie gehou in Londen, is ooreengekom dat die reëlings waarvolgens die Unie 'n jaarlikse bedrag van 85 000 pond sou bydra tot die Britse Vloot sou verval. In die plek daarvan sou die Unie sy eie vloot tot stand bring, gebaseer op die skenking van 'n waarnemingskip en twee mynveërs deur die Imperiale Regering aan die Unie.

Die werwing van die eerste personeel van die SAVD is met ingang van 1 April 1922 goedgekeur, terwyl kdr N.H. Rankin aangestel is as die bevelvoerder van die nuwe diens, met administratiewe hoofkwartier in Simonstad. Terselfdertyd is die waarnemingskip en twee mynveërs (tot HMSAS Protea, HMSAS Sonneblom en HMSAS Immortelle herdoop) amptelik deur die SAVD in gebruik geneem.

Die proklamasie vir die totstandkoming van die SA Vlootdiens is op 1 Julie 1922 deur die Goewerneur-generaal in Kaapstad onderteken hoewel dit nie amptelik in die Staatskoerant geproklameer is voor 26 Januarie 1923 nie. Nietemin word 1 April 1922 algemeen erken as die geboortedatum van die SAVD, aangesien skepe en personeel op hierdie datum amptelik in diens geneem is.

Een jaar na sy stigting het die SAVD se sterkte te staan gekom op 13 offisiere en 110 ander range. Vlootpersoneel is in drie seksies onderverdeel: Algemene Dienste, Mynvee en Hidrografiese Opmeting.

'n Jaar na sy totstandkoming het 'n staking van die steenkoolmynwerkers aan die Rand ontaard in 'n reeks geweldadige botsings tussen die polisie en die stakers, waartydens laasgenoemde hulle eie kommando's gevorm het in 'n poging om die bestaande orde omver te werp.

## Die Randse staking (1922) en die Bondelswarts-Rebellie

Teen die begin van Maart het dit duidelik geword dat die polisie beheer verloor het en die UVM (SM) is opdrag gegee om die verantwoordelikheid vir die handhawing van wet en orde, by die polisie oor te neem. Terselfdertyd is 14 000 lede van die ABM en sekere A-klas reserviste ook opgeroep en krygswet is afgekondig in etlike Randse Landdrosdistrikte.

Na 'n aantal gewelddadige botsings tussen die stakers en die UVM, waartydens die hulp van die nuutgestigte SALM ingeroep is om die stakers se stellings te Benoni, Springs, Boksburg, Brakpan en Johannesburg te bombardeer, is wet en orde herstel en die stakings met ingang van middernag 17 Maart 1922 afgelas. Altesaam 43 lede van die UVM en Polisiemag is tydens die botsings gedood, terwyl die SALM se verliese op 2 gedood en 2 gewond te staan gekom het. Twee vliegtuie is onherstelbaar beskadig.

Die UVM se vinnige optrede tydens die Randse Staking het bewys dat die Unie se militêre magte steeds deeglik in staat was om wet en orde te handhaaf ten spyte van die streng besuiniging en besnoeiing wat onmiddellik na die oorlog aan die orde van die dag was.

Slegs twee maande na die beëindiging van die staking, is die SALM weer eens vir operasionele diens opgeroep – hierdie keer om 'n opstand van die Bondelswart-Hottentotte in SWA te help onderdruk. Die rebelle het hulself eindelik op 2 Junie 1922 aan die veiligheidsmagte oorgegee, teen welke tyd die SALM 105 operasionele ure teen die rebelle gevlieg het, sonder verliese.

## Die herorganisasie van 1922–1926

Die belangrikste reorganisasie van die UVM het in 1922 en 1926 plaasgevind as 'n direkte gevolg van die behoefte om te besuinig in die lig van die heersende swak ekonomiese klimaat.

Op 12 Julie 1922 is die Suid-Afrikaanse Wysigingswet op Verdediging (Wet 22 van 1922) gepromulgeer, wat uitvoering gegee het aan 'n vroeëre beslissing om die stelsel van 5 verspreide berede polisiemageenhede (SABS) te vervang met 'n enkele regiment van Berede Skutters. Die volgende eenhede en Korpse het in terme van die wysigingswet amptelik tot stand gekom: SA Stafkorps; SA Instrukteurskorps: SA Vlootdienste; SA Veldartillerie; SA Staande Vestingsartillerie; SA Geniekorps; SA Lugmag; SA Dienskorps; SA Geneeskundige Korps; SA Krygsbehoeftekorps; SA Veeartsenykundige Korps; en SA Administratiewe, Soldy- en Klerklike korps.

Ten spyte van die totstandkoming van die nuwe korpse het die werklike grootte van die UVM gedurende die periode nog verder gekrimp as gevolg van verminderde salarisse, bedankings en ontslagte.

'n Verdere besparing is bewerkstellig deur die aftrede van die Sekretaris van Verdediging, Sir Roland Bourne op 30 September 1922. Daar is besluit om die Sekretaris nie te vervang nie, maar sy funksies oor te dra na die Hoof van die Generale Staf.

In 1926 het die noodsaaklikheid om nog verder op verdedigingsuitgawes te besnoei, gelei tot 'n verdere reorganisasie van die UVM. Die laaste oorblywende regiment van die SABS is op 31 Maart ontbind en die aantal militêre distrikte is op 1 April van die 16 tot 6 verminder. Die Brigade HK van die SA Veldartillerie is ook ontbind en gedeeltes van die artillerie na verskeie bestemmings in die Unie versprei.

Die drastiese ekonomiese maatreëls van 1922 en 1926 het die Staandemagsterkte van die UVM teen

1927 op net 151 Offisiere en 1 259 ander range gelaat.

## Die Depressiejare 1929–1934

Moeilik soos wat die finansiële klimaat vir die Unie was in die dekade wat gevolg het op die Eerste Wêreldoorlog, het die Groot Depressie nog groter druk op die regeringsbegroting geplaas. Die UVM is, redelik onwyslik, die hoofteiken van verdere besparings en insnoeiings gemaak.

Vanaf 31 Desember 1929 is nie minder nie as 49 Aktiewe Burgermageenhede ontbind en tussen 1 Julie 1930 en 30 Julie 1934 is die voortgesette opleiding van Burgermaglede heeltemal gestaak. Die Verdedigingskietverenigings het intussen nie hierdie streng maatreëls vrygespring nie. In 1931 alleen is 54 Verdedigingskietverenigings ontbind en die kwota patrone wat aan skietverenigings uitgereik is, met die helfte verminder. Die toelaag van kommandante is ook verminder.

In 1934 is die SA Vlootdiens ontbind, wat na alle waarskynlikheid as die mees drastiese maatreël beskou kan word.

Afgesien van hierdie besnoeiings en inkortings in die Unieverdedigingsmag se begroting, is etlike belangrike administratiewe veranderinge ook in die tydperk 1929–1935 gemaak.

In 1933 is genl maj A.J. Brink aangestel in die nuwe pos van Generale Offisier in Bevel van die UVM en Sekretaris van Verdediging. Die vakante pos van Hoof van die Generale Staf is deur brig genl van Ryneveld gevul en sy vorige aanstelling nl Direkteur Lugdienste is afgeskaf en vervang deur 'n kleinere Direktoraat van Burgerlugvaart. In 'n ander organisatoriese ontwikkeling in 1933 het die nuwe Direktoraat van Tegniese Dienste tot stand gekom, waardeur KMG onthef is van al sy verantwoordelikhede wat met tegniese vraagstukke verband gehou het. In Oktober het die Algemene Stafafdeling by VHK onder beheer gekom van die nuwe Direkteur Krygsverrigtinge en Opleiding. Daar was dus nou vyf hoofafdelings by VHK onder die oorhoofse beheer van die Hoof van die Generale Staf: Direkteur Krygsverrigtinge en Opleiding; Adjudant-generaal; Kwartiermeester-generaal; Direkteur Tegniese Dienste en Direkteur Geneeskundige Dienste.

'n Ander administratiewe verandering in 1933 wat die UVM geraak het, was die omskepping van die militêre distrikte in kommandemente.

Afgesien van die algemene pessimisme wat gedurende die Depressiejare in die UVM geheers het, was daar 'n paar positiewe ontwikkelings soos bv die ingebruikneming van die nuwe militêre hospitaal in Voortrekkerhoogte in Oktober 1930.

Een van die meer geslaagde eksperimente van 1933 wat die effek van die Groot Depressie moes teëwerk, was die totstandkoming van die Spesiale Diensbataljon (SDB) op 1 Mei te Robertshoogte (Voortrekkerhoogte). Die eenheid is daargestel om werk en opleiding aan die vele jeugdiges wat brandarm deur die Depressie agtergelaat is, te verskaf. Die SDB was 'n klinkende sukses en het 'n onskatbare bron van opgeleide personeel vir die UVM en ander staatsdepartemente in die daaropvolgende jare geword.

## 'n Tydperk van groei: 1935–1938

In die loop van 1934 het die Unie se ekonomie dermate herstel dat 'n betekenisvolle verhoging in die Verdedigingsbegroting vir die eerste keer in baie jare goedgekeur is. In die parlementêre debat van 1934–35 oor Verdediging het die Minister van Verdediging, adv Oswald Pirow 'n vyfjaar-uitbreidingsplan vir die UVM aangekondig met die doel om die getalsterkte van die SM en die ABM tot 56 000 te verhoog, met 'n verdere nasionale reserwe van 100 000 skutters.

Die toename in fondse het nogal 'n beduidende uitwerking op die opleidingsfasiliteite en doeltreffendheid van die Leër en die Lugmag gehad. In 1937 is 'n nuwe opleidingstelsel vir leerlingvlieëniers ingestel waardeur die ontwikkeling van die Lugmag aansienlike stukrag ontvang het. Die voorneme was om 'n reserwe van 1 000 vlieëniers en 1 700 lugwerktuigkundiges op te lei. Die algehele grootte van die Lugmag is ook vergroot na 7 eskaders met nuwe poste en basisse wat by Waterkloof, Bloemfontein, Durban en Youngsfield opgerig is. Die Lugmag se uitbreidingsprogram het 'n dramatiese hupstoot in 1938 gekry met die skenking van 200 Hartbeesvliegtuie deur die Britse Lugmag aan die SALM. Die vliegtuie is vir opleiding gebruik.

Die organisasie van die Skietverenigings is ook verbeter en hulle is onder hul eie bevelvoerder geplaas wat direk aan die Minister verantwoordelik was vir die opleiding, organisasie en dissipline van die kommando's.

Die nuwe pos Opperbevelvoerder van die Burgerkommando's het in die plek gekom van die ou pos Generale Offisier in Bevel (UVM) wat deur genl maj Andries Brink beklee is. Ander administratiewe veranderings wat in 1937 plaasgevind het was oa die daarstelling van 'n Direktoraat Operasies en Inligting (DOI) onder die Hoof van die

Generale Staf, die vervanging van die Direkteur Krygsverrigtings en Opleiding deur 'n Direkteur van Leëropleiding (DLO) en die herbenoeming van die Direkteur Tegniese Dienste na Direkteur Lug- en Tegniese Dienste.

In 1938 het die Minister van Verdediging planne vir die verdere uitbreiding en verbetering van die UVM afgekondig, waarvoor 'n bedrag van 5 miljoen pond, versprei oor drie jaar, beskikbaar gestel is.

Voordat die planne behoorlik in werking gestel kon word, het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek.

## DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

### Mobilisasie en administratiewe ontwikkelings

Met die uitbreek van die oorlog in September 1939 het die SM uit slegs 325 offisiere en 5 033 ander range bestaan, teenoor die ABM wat beskik het oor 918 offisiere en 12 572 ander range.

Nadat die regering besuit het om tot die oorlog toe te tree, moes eerstens voorsiening gemaak word vir 'n aansienlik uitgebreide UVM om Suid-Afrika se oorlogspoging te steun.

Op 22 September het die Aktiewe Burgermageenhede magtiging gekry vir die inname van vrywilligers (benewens diegene in die ouderdomsgroep 17–21) vir die duur van die oorlog en elke eenheid moes 'n maand se onondergebroke opleiding ondergaan. Op 16 Februarie 1940 is die ABM op 'n algehele vrywillige grondslag gereorganiseer as gevolg van die teenkanting van 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking teen deelname aan die oorlog. Diegene wat die Afrika-eed afgelê het, is voorsien met 'n oranjelint wat aan die buitekant van die skouerband gedra is en hul gewilligheid om op enige plek in Afrika te dien, aangedui het.

Hoewel die ABM aanvanklik gedwarsboom is deur 'n kroniese tekort aan uitrusting, was die tempo van werwing in die ABM hoogs bevredigend en binne 'n kort tydjie het drie volledige afdelings tot stand gekom, te wete:

a. Eerste Divisie onder genl maj G.E. Brink wat bestaan het uit die 1, 2 en 5 Brigade.
b. Tweede Divisie onder genl maj I.P. de Villiers wat uit 3, 4 en 6 Brigade bestaan het.
c. Derde Divisie onder genl maj M. Botha wat uit die reserwebrigade bestaan het.

Die Eerste Divisie was bestem om in Oos- en Noord-Afrika te dien en die Tweede Divisie in Noord-Afrika. Die Derde Divisie is in die Unie gestasioneer.

Inmiddels is 'n paar ander gevegs- en ondersteuningskorpse en -eenhede gevorm, soos SA Tenkkorps, die SA Veeartsenykundige Korps, berede eenhede en dies meer.

Die uitbreek van die oorlog en die aansienlike toename in die grootte van die UVM het stukrag verleen vir 'n groot aantal strukturele veranderings in die UVM se opperbevel.

Teen November 1939 het die Hoof van die Generale Staf aan die hoof van 'n grootliks uitgebreide bevelstruktuur gestaan. Aan die een kant het hy die Direkteur-generaal van Krygsverrigtings gehad wat direk aan hom verantwoordelik was vir alle sake rakende operasies, inligting en kusverdediging. Aan die ander kant was die Adjunk-hoof van die Generale Staf deur wie hy die onderskeie direktorate beheer het. Hulle was: die seksie van die Adjunk-hoof van die Generale Staf self, wat verantwoordelik was vir opleiding, mobilisasie en seine; die Direkteur-generaal van Verdediging-skietverenigings; die Adjudant-generaal en Direkteur-generaal van die Reserwe wat vir personeel, reserwes, organisasie en dissipline in die UVM verantwoordelik was; KMG, verantwoordelik vir voorrade, kwartiere, vervoer van voorrade, veeartsenykundige dienste, werke en fortifikasies; Direkteur-generaal Algemene Tegniese Dienste, verantwoordelik vir tegniese voorrade, vakopleiding en werkswinkels; Direkteur-generaal Lugdienste in beheer van alle Lugmagorganisasie- en opleiding; en laastens die Direkteur-generaal Geneeskundige Dienste.

Teen 1942 is 'n paar kleiner veranderings aan bg bevelstruktuur gemaak, met die Adjudant-generaal (AG) en die Direkteur-generaal van die Reserwe wat net weer AG geword het en die DGLD wat Direkteur-generaal Lugmag (DGLM) geword het. Teen hierdie tyd het die Direkteur-generaal Verdediging-skietvereniging nie meer 'n posisie in die bevelstruktuur beklee nie.

### Die Oos-Afrika-veldtog: Junie 1940–November 1941

Die eerste groot veldtog waarin die Suid-Afrikaanse troepe gedurende die Tweede Wêreldoorlog betrokke geraak het, was in Oos-Afrika waar die Italianers Brits-Somaliland oorrompel en teen middel 1940 van hul basis in Abessinië suidwaarts na Kenia opgeruk het.

Die UVM se Eerste Divisie is gevolglik gedurende die laaste helfte van 1940 na Oos-Afrika

weggestuur om die Britse troepe by te staan in hul poging om 'n front van 800 myl teen die aanrukkende Italianers te handhaaf.

1 SA Brigade onder brig D.H. Pienaar het in Junie 1940 in Kenia aangekom en teen Desember was 1 SA Divisie se hoofkwartier reeds by Gilgil, (noordwes van Nairobi) opgerig. 1 SA Divisie wat onder die algehele bevel van lt genl Alan Cunningham (Generale Offisier in Bevel Oos-Afrikaanse Mag) gestaan het, is geplaas in die Marsabit-seksie wat bestaan het uit sowat 250 myl onherbergsame terrein wat van die Soedannese grens tot by die Moyale-gebied gestrek.

In Januarie 1941 is 1 SA Divisie (sonder 1 SA Brigade wat toegevoeg is tot 12 Afrikadivisie) beveel om op te ruk oor die Chalbi-woestyn na die Abessiniese grens, met die doel om die Italiaanse posisies op die platorand van Mega Moyale in die flank aan te val.

Die Divisie se aanmars was uit die staanspoor geslaagd en op 18 Februarie is Mega deur 2 en 5 SA Brigade ingeneem terwyl 1 000 krygsgevangenes geneem is. 1 SA Divisie se sukses het genl Cunningham aangespoor om 1 SA Brigade in Brits-Somaliland te ontplooi, terwyl die Divisiehoofkwartier en 5 SA Brigade vir diens in Egipte ingeskeep is. Hulle het op 4 Mei 1941 by Omaruja aangekom. 2 SA Brigade het sy opmars na Abessinië langs die roete Nanyuki, Nyere, Garissa en Mogadishu voortgesit en min weerstand is ondervind. Teen die einde van Mei het dit ook opdrag gekry om na Egipte te vertrek.

1 SA Brigade is intussen beveel om saam met die res van 12 en 11 Afrikadivisie na die Jubarivier en vervolgens na die hawe van Kismayu op te ruk. So suksesvol was die operasie wat in Februarie 1941 'n aanvang geneem het, dat die aanval gou ontwikkel het in 'n triomfantlike aanmars op Adis Abeba self.

Teen 22 Februarie het vyandelike teenstand langs die Jubarivier-front heeltemal ineengestort en duisende gevangenes is geneem. Daarna het die gesamentlike Britse en Suid-Afrikaanse magte na Mogadishu en Harar deurgebreek. Lg is op 26 Maart in besit geneem na hewige gevegte by Babile en Basidimo. Op 29 Maart het patrollies van Transvaal Scottish op die voorhoede van die Brits/Suid-Afrikaanse magte Diredawa binnegegaan. Adis Abeba, hoofstad van Abessinië, is uiteindelik op 5 April 1941 beset.

Na verdere operasies in die omgewing van die hoofstad en in Eritrea en waarin 1 SA Brigade 'n leidende rol gespeel het, is die vyandelike weerstand eindelik gebreek. Op 19 Mei het die Hertog van Aosta, onderkoning van Italiaans-Oos-Afrika, oorgegee met 5 000 man, die oorskot van die Italiaanse leër in Eritrea. Na sy inspannende en snelle opmars na Adis Abeba en operasies in Eritrea is die uitgeputte 1 SA Brigade op hierdie tydstip 'n ruskans gegun voordat dit in Massawa vir die reis na Egipte ingeskeep het.

Ten spyte van die val van Adis Abeba en die oorgawe van die onderkoning, het die Italiaanse magte in die gebied van die mere suid van die hoofstad en in die Gondorgebied geweier om oor te gee. Eers teen die einde van November het die laaste Italiaanse magte in Oos-Afrika finaal oorgegee na 'n langdurige veldtog in gure weer oor bergagtige terrein. 1 Natal Mounted Rifles, 1 Veldmag Bataljon en verskeie Suid-Afrikaanse artillerie-, ligte tenk- en ondersteuningseenhede het met besondere onderskeiding aan die latere operasies deelgeneem.

Die totale ongevalle in gevegte op land in die Oos-Afrika-veldtog het 270 beloop, van wie 73 gedood is.

Hoewel die UVM se gevegseenhede bewonderingswaardig dwarsdeur die moeisame veldtog opgetree het, moet die bydrae van die verskeie ondersteuningseenhede tot die finale oorwinning nie onderskat word nie. Die grootste probleme van die veldtog in Oos-Afrika was trouens eerder administratief, tegnies en logisties van aard, as suiwer militêr. In hierdie verband kan die waardevolle ondersteuning wat die UVM se genie-, padkonstruksie-, motorvervoer en mediese eenhede oor groot afstande en onherbergsame terrein in onaangename klimaatstoestande aan die gevegseenhede verleen het, uitgesonder word.

## Die veldtog in Noord-Afrika: Junie 1941–November 1942

Teen die middel van 1941, toe die veldtog in Oos-Afrika feitlik verby was, het die UVM sy aandag na die oorlogsfront in Noord-Afrika verskuif. Hier wou die UVM twee divisies ontplooi ter ondersteuning van die Britse magte wat deur Rommel se gedugte Afrikakorps gekonfronteer is.

Teen die einde van Junie 1941 is 1 SA Divisie, wat kort vantevore nog aan die veldtog in Oos-Afrika deelgeneem het, by Mersa Matruh in Egipte saamgetrek waar gekonsentreer is op die versterking van die Matruh-linie en opleiding in woestynoorlog taktiek. 2 SA Divisie is reguit vanaf die Unie na Egipte waar hulle teen die einde van Junie aangekom het. Teen die begin van Augustus is die Divisie by El Alamein ontplooi, waar

dit 'n defensiewe posisie voorberei en woestynopleiding ondergaan het.

Teen November 1941 het die Britse Agtste Leër, waarvan die twee Suid-Afrikaanse divisies deel was, sterk genoeg gevoel om 'n offensief teen die Duitse magte in Libië te loods, met die doel om die beleërde Tobruk-garnisoen te ontset. 1 SA Divisie het die taak gekry om verby Sidi Rezegh na Tobruk op te ruk ter ondersteuning van die Britse Sewende Pantserdivisie.

Die Suid-Afrikaners het gou ontdek dat hulle met 'n uiters gedugte en onverskrokke vyand te make het wat radikaal verskil het van die Italiaanse magte wat hulle in Oos-Afrika-veldtog teëgekom het. Na aanvanklike suksesse het die 8ste Leër se aanval verbrokkel en na woeste gevegte op 22 en 23 November is die 5de SA Infanterie deur Rommel se pantsermag by Sidi Rezegh oorrompel en uitgewis. Ook 1 SA Brigade het betrokke geraak by kwaai gevegte in die Sidi Rezegh-gebied gedurende die tydperk 28 November – 1 Desember.

2 SA Divisie is intussen tot 13 korps toegevoeg en in Desember 1941 en Januarie 1942 het die Divisie se brigades 'n toonaangewende rol gespeel in die inname van Bardia, Sollum en Halfaia. Die drie gevegte het die Suid-Afrikaners sowat 500 ongevalle gekos, maar hulle het 14 000 Duitse en Italiaanse gevangenes geneem.

Die volgehoue druk van die 8ste Leër het die vyand eindelik gedwing om van hul posisie op die Gazala-lyn terug te val. Tussen Januarie en Maart 1941 is die twee SA divisies gebruik om te help met die versterking van die 8ste Leër se defensiewe posisies in Libië met die oog op 'n verwagte Duitse teenoffensief. 1 SA Divisie moes 'n front langs die Gazala-lyn verdedig en teen die einde van Maart is 2 SA Divisie (sonder 3 SA Infanterie-brigade) na Tobruk verskuif om die vesting wat die hawestad beskerm het, oor te neem.

Rommel het sy langverwagte teenoffensief geloods en nadat die Britse tenkmagte in die gebied van Knightsbridge, El Aden en Bir Hacheim beslissend verslaan is, het die Duitse magte daarin geslaag om die 8ste Leër na die Egiptiese grens terug te dryf. 1 SA Divisie het daarin geslaag om die Egiptiese grens sonder ernstige verliese te bereik, maar as gevolg van 'n groot aantal taktiese foute wat deur die 8ste Leër se bevelvoerders gedurende hewige gevegte in Junie begaan is, is die vesting by Tobruk deur Rommel se magte afgesny en omsingel. Op 21 Junie is die garnisoen by Tobruk onder die bevel van genl maj Klopper tot oorgawe gedwing nadat Duitse aanvalsmagte deur die fort se buitenste verdedigingswerke gedring het. Altesaam 10 722 Suid-Afrikaners is krygsgevange geneem wat beteken het dat 2 Divisie opgehou het om te bestaan.

Rommel het onverwyld op sy welslae by Tobruk voortgebou en reguit op Alexandrië afgestuur en Mersa Matruh op 29 Junie ingeneem. Die 8ste Leër het sy stellings by El Alamein in Julie en Augustus egter met welslae verdedig en veral die brigades van 1 Divisie het hul goed van hul taak gekwyt.

Teen September het Rommel se offensief heeltemal ineengestort weens die uitputting van sy manne en die gebrek aan versterkings, voorrade en brandstof. Die verposing het die 8ste Leër se nuwe bevelvoerder, genl Montgomery, genoeg tyd gegee om vir 'n groot offensief te beplan en opleiding te doen. Teen 21h40, die nag van 23 Oktober 1942, het die finale en beslissende geveg van El Alamein begin met artilleriebombardement op 'n ongekende skaal. Suid-Afrikaanse artillerie-eenhede alleen het met hul 25-ponder kanonne 62 000 rondtes gedurende die nag afgevuur.

Die massiewe artilleriebombardement het die weg gebaan vir 'n beslissende infanterie- en pantseraanval op die Duitse posisie rondom El Alamein, met 1 SA Divisie as een van die vier aanvalsmagte.

Die 8ste Leër se offensief by El Alamein was besonder geslaagd en teen die begin van November was Rommel se magte besig om wanordelik terug te val. Tobruk is op 12 November herower en teen die einde van die maand was die Duitse Magte uit Libië verwyder.

Aangesien sy dienste nie meer in Noord-Afrika benodig is nie, het 1 SA Divisie aan die begin van 1943 na die Unie teruggekeer.

Die prys wat vir die oorwinning betaal is, was egter hoog. Die getal ongevalle in Noord-Afrika het 23 625 beloop, insluitende 14 247 krygsgevangenes en 2 104 soldate wat gedurende krygsaksies gesterf het.

## Die veldtog in Madagaskar: Junie–November 1942

Teen die middel van 1942 het die Suid-Afrikaanse magte 'n beskeie aandeel gehad aan die Britse inbesitname van Madagaskar, wat die voorkoming van 'n waaghalsige Japannese inval ten doel gestel het.

7 SA Infanteriebrigade onder bevel van brig G.T. Senescall het op 25 Junie by die vlootbasis van Diego Suarez, aan die noordpunt van die ei-

land, geland. Die brigade het sy kamp by Sakaramykamp opgerig waar defensiewe posisies voorberei is.

In September het die SA Brigade aan 'n grootskaalse operasie deelgeneem in 'n poging om die suidelike helfte van die eiland van die Franse Vichy-besetmagte te verower. Hoewel geen ernstige weerstand ondervind is nie, was die topografiese en klimaatstoestande moeilik en malaria-ongevalle hoog.

Die Vichy-goewerneur het op 2 November 1942 oorgegee en die Suid-Afrikaanse magte, wat slegs 18 ongevalle gedurende die veldtog gely het, het op 7 September 1942 na die Unie teruggekeer.

## Italië en die 6de SA Pantserdivisie: April 1944–Mei 1945

Die laaste belangrike operasie waaraan die Suid-Afrikaners gedurende die Tweede Wêreldoorlog sou deelneem, was die Geallieerde veldtog om Italië te verower.

Op 1 Februarie 1943 is die enigste SA pantserdivisie ooit – die 6de SA Pantserdivisie – in die Unie saamgestel onder die bevel van genl maj W.H. Evered Poole. Alhoewel slegs enkele persone op hierdie tydstip daarvan bewus was, is die divisie spesiaal saamgestel om deel te neem aan die inval in Italië wat deur die Geallieerde Opperbevel beplan is.

Na 'n paar weke van intensiewe voorbereiding te Zonderwater, het die divisie aan die begin van April na Hay Paddock naby Pietermaritzburg vertrek, waar hulle op 'n konvooi na die noorde gewag het. Op 18 en 19 April 1943 het die divisie na Egipte geseil waar dit opleiding ter voorbereiding vir die veldtog in Italië sou ondergaan.

By hul aankoms te Suez is die divisie na 'n kamp te Khatatba, ongeveer 60 myl van Kaïro vervoer. Vir die volgende 12 maande is 6 SA Pantserdivisie aan 'n intensiewe oefenprogram onderwerp wat die onderskeie eenhede tot 'n hoogtepunt van oorlogsdoeltreffendheid moes afrond vir die moeilike taak wat op hulle gewag het.

Eindelik, bykans 'n jaar na hul aankoms in Egipte, het die divisie in April 1944 na Italië oorgesteek en in die Altamura-Matera-Gravina-gebied versamel. Die omstandighede was heeltemal anders as dié wat 1 en 2 SA Divisie in Noord-Afrika ondervind het. Hulle moes opereer in 'n bergagtige landstreek wat vir defensiewe oorlogvoering ideaal geskik was. Die aanvalsposisies was deur 'n bekwame en vasberade vyand beman. Terwyl daar min ruimte vir beweging was, het reën en modder in die somer en sneeu en intense koue in die winter, mobiele oorlogvoering onmoontlik gemaak. Hierdie soort oorlogvoering het hoë eise gestel aan al die onderskeie vertakkings, maar veral die geniekorps.

Die divisie het tot aan die einde van Mei in die Materagebied gebly, waarna hul beveel is om na Caserta te gaan en van daar na die oorlogsgebied rondom Cassino.

Die 6de SA Pantserdivisie het net te laat by Cassino aangekom om aan een van die grootste en mees deurslaggewende veldslae van die veldtog in Italië deel te neem. Sedert Januarie het die VSA se 5de en Britse 8ste leër tevergeefs probeer om die Duitse posisies in die omgewing van Monte Cassino te verower en dit het die Geallieerde opmars na Rome gekortwiek. Monte Cassino was 'n indrukwekkende piek aan die suidelike Apennyne wat die toegang tot die Lirivallei beheer het. Die vallei was die enigste roete deur die Apennyne wat die Geallieerdes na Rome kon volg. Onderwyl 6 SA Pantserdivisie in gereedheid gebring is om tot aksie oor te gaan, is die Duitse posisies te Cassino in 'n grootskaalse Geallieerde offensief verower. Hierdie offensief het al sy doelwitte teen 24 Mei bereik.

Die verowering van Cassino het vir die Geallieerdes die pad na Rome geopen, en 6 SA Pantserdivisie met 11 Pantserbrigade aan die spits, is beveel om vorentoe te beweeg en met die verowering van die stad te help. Na 'n vinnige opmars teen relatief min weerstand, het die Suid-Afrikaners Rome op 6 Junie bereik. Die val van Rome het nie beteken dat die oorlog in Italië tot 'n einde gekom het nie. Inteendeel, vir die volgende twee maande is van die hardnekkigste gevegte tot op datum ondervind en die Duitsers het verbete en hardnekkig weerstand gebied teen die Geallieerde opmars na Florence.

Na 'n hewige geveg is Cellano, op die roete na Florence, op 10 Junie verower. In hierdie geveg het 11 SA Pantserbrigade besonder dapper opgetree.

Na agt weke se geswoeg deur Cellano, Orvieto, Chiuse, Sinalunga en uiteindelik langs die divisionele "Groen Roete" deur Radda, Mercatale en oor die Greverivier, het die 6de SA Pantserdivisie op 4 Augustus Florence binnegegaan op die voorhoede van die Geallieerde opmars.

Die inname van Florence het aan die 6de Pantserdivisie 'n welverdiende rus van ses weke besorg. Die verposing het hul goed te pas gekom want die uitrusting en voertuie is uitmekaar gehaal en nage-

sien. Intussen is gelukwensings ontvang van oa die Opperbevelvoerder generaal Sir Harold Alexander en die Leërbevelvoerder lt genl Sir Olivier Leese.

Daar was egter nog baie te doen. Die Duitsers was nog goed ingegrawe langs die Arnorivier en die gedugte Gotiese Linie wat vanaf die weskus van Italië tot aan die Adriatiese See dwarsoor die land gestrek het. Aan 6 SA Pantserdivisie is die taak opgedra om die Duitsers langs die Gotiese Linie tot agter Pistoroia terug te dryf. Vir hierdie deel van die veldtog is die pantsereenhede as mobiele reserweversterkings gebruik vir die Suid-Afrikaanse Divisie se 12 Motorbrigade en 24 Guards Brigade. Gedurende die volgende maande was die pantsereenhede dikwels genoodsaak om die rol van "infanterie" te vervul aangesien die Duitse Gotiese Linie oor 'n groot deel van die noordelike Apennyne gestrek het, wat so bergagtig was dat dit heeltemal ongeskik was vir tenkaanvalle. Verder het die naderende winter en die daarmee gepaardgaande swak weer die gebruik van tenks beperk.

Ten spyte van bogenoemde natuurlike belemmeringe het die 6 SA Pantserdivisie hom dwarsdeur die koue winter goed van sy taak gekwyt onderwyl die Geallieerde magte die Gotiese Linie in die Apennyne teruggedryf het. Teen die einde van die winter was die Geallieerde magte gereed om 'n beslissende deurbraak langs die oorblewende gedeeltes van die Gotiese Linie te maak. Dit het gelei tot die verowering van Bologna, die oorsteek van die Porivier en eindelik tot die ineenstorting van die Duitse weerstand in die noordooste van Italië.

Die deurbraak het op die 14de en 15de April 1945 plaasgevind toe die Geallieerdes 'n grootskaalse en beslissende offensief teen die Duitsers in die Soleberg- en Capraragebiede geloods het. Op 18 April het die hele Duitse front begin om in duie te stort. 6 SA Pantserdivisie is eers in die finale weke van die oorlog toegelaat om sy ware rol van pantser te vervul. Die Geallieerde magte het die ineenstorting van die Duitse magte uitgebuit deur vinnig op te ruk in Noordoos-Italië in die rigting van Venesië, in agtervolging van die voortvlugtende Duitsers. Aan die begin van Mei is daar nie meer effektiewe Duitse weerstand in Italië ondervind nie. 'n Laaste blitsaanval van 6 SA Pantserdivisie op Milaan in Noordoos-Italië, het geblyk onnodig te wees, want met hul aankoms daar op 2 Mei, moes die Suid-Afrikaners verneem van die onvoorwaardelike oorgawe van die Duitse magte in Italië.

Die oorlog in Europa was iets van die verlede en die eerste eenhede van die 6 SA Pantserdivisie het teen die einde van Mei begin om huiswaarts te keer.

Die totale oorlogsongevalle van die UVM in Italië was 5 176 van wie 753 in die stryd omgekom het.

## Die Lugmag en Vloot se bydrae in die Tweede Wêreldoorlog

Alhoewel die meerderheid van Suid-Afrikaners wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het in die landmagte gedien het, het die SA Lug- en Vlootmag 'n belangrike bydrae gelewer tot die UVM se totale oorlogspoging.

Ten spyte van die pogings wat in 1937 en 1938 aangewend is om die Lugmag te vergroot en te moderniseer, was dit met die uitbreek van die oorlog in 1939 onvoorbereid vir grootskaalse operasies. Met die uitbreek van die oorlog het die SALM se voorste operasionele vliegtuie bestaan uit 4 Hurricanes, 1 Blenheim en 1 Battle. Dit was ook in besit van 63 verouderde tweedekker Hartbees-vliegtuie en 'n paar ewe verouderde Tutors, Wapiti's Harts, Hinds, Furies en Audaxes – altesaam 104 diensbare vliegtuie.

Die voltydse SALM personeel het bestaan uit 160 offisiere, 35 offisierkadette en 1 400 ander range.

Die eerste prioriteit was om meer personeel op te lei en meer vliegtuie te bekom. Binne enkele weke na die uitbreek van die oorlog is nuwe vliegskole gestig te Pretoria, Germiston, Bloemfontein en Baragwanath terwyl 'n opleidingskommandement onder kol W.T.B. Tasker gestig is wat sou omsien na die algemene opleidingsprogramme van die SALM. 'n Deurbraak is in Augustus 1940 gemaak met die stigting van 'n Gesamentlike Lugopleidingskema waarvolgens die RAF, SALM en ander Geallieerde lug- en grondbemannings by die 38 Suid-Afrikaanse lugskole opgelei is. Onder hierdie skema het die SALM begin groei en bloei en teen September 1941 het die getal militêre vliegtuie in die Unie toegeneem tot 1 709, terwyl die personeelsterkte gestyg het tot 31 204 van wie 956 vlieëniers was. Die Gesamentlike Opleidingskema sou in die vyf jaar van sy bestaan 33 347 lugbemanningslede oplei van wie 12 221 lede van die SALM was.

Aan die operasionele front het die SALM vanaf die begin van die oorlog waardevolle beskerming aan die Geallieerde skepe langs die Suid-Afrikaanse kuslyn gebied. Teen die einde van die oorlog in Augustus 1945, is sowat 15 000 verkenningsvlugte deur die SALM langs die Suid-Afrikaanse kuslyn onderneem.

Dit was egter in Oos-Afrika waar die SALM besondere prestasies behaal het. Toegerus met 'n paar eskaders Gladiators, Hurricanes, Furies, Hartebeeste en JU 86's, het die SALM die Italiaanse Lugmag aangeval wat uit byna 300 moderne vliegtuie bestaan het. Aan die einde van die veldtog was die vlieëniers van die SALM verantwoordelik vir die afskiet van 71 Italiaanse vliegtuie en die vernietiging van nog meer vliegtuie op die grond. Boonop het hulle spoorlyne, konvooie en voorraadopslagplekke ter ondersteuning van die landmagte gebombardeer en vernietig. Die verliese aan lugbemanning gedurende die Oos-Afrika-veldtog was 79 vlieëniers dood en 5 vermis.

In Noord-Afrika het die SALM se vegter-, bomwerper- en verkenningseskaders 'n hardnekkige en meer ervare teenstander in die Duitse Luftwaffe ondervind, terwyl die klimaat baie slegter was as die wat hulle in Oos-Afrika ondervind het. Die eskaders van die SALM het 'n leidende bydrae gelewer en die Geallieerde "Desert Air Force" in staat gestel om teen die begin van 1942 algehele lugoorheersing oor Rommel se Luftwaffe te verkry.

Die SALM se grootste prestasie in Noord-Afrika, was waarskynlik die "Boston shuttle service", waartydens 18 vliegtuie van 12 en 24 eskader honderde tonne bomme op die Afrika Korps afgegooi het wat meedoënloos die 8ste Leër gedurende die eerste helfte van 1942 na Egipte teruggedryf het. Dit was hoofsaaklik hierdie lugaanvalle, wat drie keer per dag vir weke aaneen voortgeduur het, wat Rommel se opmars teen die middel van 1942 by El Alamein gestuit het. Na die Slag van El Alamein het die eskaders van die SALM in Noord-Afrika 'n deurslaggewende rol gespeel in die bestoking van die terugvallende Duitse magte. Vanaf April 1941 tot Mei 1943, het die SALM, met 'n maksimum van 11 operasionele eskaders, 33 991 gevegsvlugte onderneem en 342 vyandelike vliegtuie vernietig.

Met die aanvang van die veldtog in Italië in 1944 was die SALM reeds 'n mag om mee rekening te hou. Trouens dit was die SALM wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die Geallieerde lugoperasies oor Italië toe die lugmagbemannings van die Britse Lugmag onttrek is ter ondersteuning van Operasie Overlord. Op hierdie tydstip het die SALM weliswaar bestaan uit nie minder nie as 35 operasionele eskaders met 33 tipes vliegtuie, beman en onderhou deur 45 000 mans en vrouens.

Die SALM se grootste prestasie in die lugoperasies oor Europa was die pogings van die Nr 2 SALM-vleuel wat vanaf Italië geopereer het om gedurende Augustus en September 1944 die Warskou-weerstandsbeweging van voorrade te voorsien. Elke nag het die Liberators van 31 en 34 Eskader 1 700 myl gevlieg oor 'n uitgebreide lugafweernetwerk in die gebiede onder Duitse besetting voordat dit neergedaal het om op 'n hoogte van 200 voet hulle voorrade neer te laat. Die tol aan bemanningslede en vliegtuie wat die SALM moes betaal vir die vrugtelose "Warskou-konsert" was hoog, maar die waagmoed en vernuf deur die vlieëniers aan die dag gelê, het die respek en bewondering van die Poolse weerstandsbeweging afgedwing.

Sedert die oorlog in Oos-Afrika 'n aanvang geneem het tot die Duitse oorgawe, het die SALM in totaal 82 401 vlugte onderneem. Gedurende hierdie tydperk is 2 420 lede van die SALM gedood of vermis.

Net soos die SALM, was die Suid-Afrikaanse Vlootmagte aan die begin van die oorlog in 1939 onvoorbereid. Trouens, in 1939 het die Unie nie oor 'n vloot beskik nie aangesien die Suid-Afrikaanse Vloot in 1934 ontbind is om verdedigingsuitgawes te besnoei.

Om die saak reg te stel is op 15 Januarie 1940 die SA Verdedigingsmag ter See gestig met skoutadmiraal G.W. Hallifax, RN (afgetree) as direkteur. Ongelukkig het Hallifax kort hierna op 'n tragiese wyse in 'n vliegongeluk omgekom. Hy is opgevolg deur kaptein (later kommodoor) James Dalgleish, OBE.

Die eerste taak van die nuwe mag was om so gou moontlik skepe te bekom en bemanning op te lei ten einde die verdedigingsverpligting wat aan hul opgedra is tov die Suid-Afrikaanse seegebied, na te kom. Dit het bestaan uit die vee van myne en die lewer van 'n duikbootjagdiens langs die Suid-Afrikaanse kuslyn, asook die daarstelling van 'n Eksamendiens en oorloghaweseinstelsels.

Gedurende 1940 het 'n redelike getal rekrute aangesluit, wat hoofsaaklik bestaan het uit vrywilligers afkomstig van die Britse Marine-vrywilligerreserwe (SA) en die burgerlike samelewing. Treilers en walvisbote was die enigste bote beskikbaar en is gou in die Suid-Afrikaanse hawens omskep om by oorlogsomstandighede aan te pas. Binne enkele maande na die stigting van die SA Verdedigingsmag ter See was daar reeds 14 bote omskep en gereed vir oorlogdiens.

Spoedig is aan die nuutgestigte mag die moeilike en gevaarlike taak opgedra om 'n vyandelike mynveld te verwyder wat langs die seeroete van Kaap Agulhas gelê is. Die operasie het in 1940 'n aanvang geneem en is van tyd tot tyd vir meer as 18 maande voortgesit. Die mynveërflottielje het in

samewerking met eenhede van die Britse Vloot van tyd tot tyd operasies in ander gebiede soos by Madagaskar en die Indiese Oseaan uitgevoer.

Die aktiwiteite van die SA Verdedigingsmag ter See was nie net tot Suid-Afrikaanse seegebied beperk nie. Op versoek van die Admiraliteit het vier Suid-Afrikaanse duikbootjaers teen die einde van 1940 na die Middellandse See vertrek om by die Britse vloot in daardie gebied aan te sluit. Die 22ste Duikbootjagflottielje, soos hulle bekend gestaan het, het op 11 Januarie 1941 by Alexandrië aangekom en is dadelik ingespan om die kwesbare seeroete na Tobruk te beskerm.

Alhoewel hul geen ervaring gehad het van die soort werk wat aan hulle opgedra is nie, het die personeel van die flottielje, in weerwil van aanhoudende lugaanvalle, hul taak energiek en met vasberadenheid aangepak. Op 11 Februarie 1941, terwyl *HMSAS Southern Floe* op patrollie was, het dit op 'n myn geloop en gesink. Daar was slegs een oorlewende.

'n Tweede skip, die mynveër *HMSAS Parktown,* is op 21 Junie 1942 gesink terwyl dit by Tobruk in aksie was. Nieteenstaande hierdie verlies het die aantal Suid-Afrikaanse skepe in die Middellandse See vanaf 1942 aangegroei tot 4 duikbootjaers, 8 mynveërs en 'n reddingsboot, *HMSAS Gamtoos.*

Op 1 Augustus 1942 het die SA Verdedigingsmag ter See en die Britse Marine-vrywilligerreserwe (SA Divisie) saamgesmelt onder die naam van die Suid-Afrikaanse Seemag (SASM). Alle offisiere en manskappe van laasgenoemde liggaam, wat diens in die Britse Vloot gedoen het, het outomaties afgedeelde personeel van die SASM geword.

In Oktober 1942 het die Duitsers verspreide duikbootaanvalle op skeepsroetes om die Kaap geloods. Binne die eerste vier dae van die offensief is dertien handelskepe gesink. Die nuutgestigte SASM is gevolglik genader om reddingsdienste aan die oorlewendes van getorpedeerde skepe te lewer. Bogenoemde diens moes verrig word sonder dat die patrolliebewakings van toegange tot Suid-Afrikaanse hawens te verminder word. Later, in 1943, toe die konvooistelsel tussen Durban en Kaapstad ingevoer is, is die SASM se duikbootjaers afgedeel om deel te neem aan die begeleiding van ander skepe. Dit is gedoen in samewerking met die hulptreilers en korvette van die Britse vloot.

Intussen sou die SA Seemag 'n verdere twee vaartuie in operasies (1944–1945) in die Middellandse See verloor. Hierdie twee was die mynveërs *HMSAS Bever* wat op 30 November 1944 deur 'n seemyn naby Kreta gesink is en *HMSAS Treern* wat op 12 Januarie 1945 op 'n myn in die Egeïese See geloop het.

Die SASM het 'n geweldige sielkundige en materiële oplewing teen die einde van die oorlog gehad, toe die Admiraliteit aangebied het om drie van die nuutste fregatte aan hom te gee. Die eerste hiervan, die *HMSAS Good Hope*, is op 9 November 1944 in die Verenigde State in diens gestel en die tweede hiervan, die *HMSAS Natal* het op 14 Maart 1945 die onderskeiding behaal om 'n duikboot in Britse waters te sink, terwyl hy nog op 'n proefvaart was – dit was die eerste skip in die Geallieerde Vloot om hierdie onderskeiding te behaal.

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog, het die SASM 1 436 offisiere en 8 896 ander range op sterkte gehad. Dit het die 2 937 personeellede wat na die Britse Vloot afgedeel was, ingesluit. Dit het heelwat verskil van die 74 offisiere en 358 manskappe waarmee die SA Verdedigingsmag ter See in Januarie 1940 gestig is. Die SASM se verliese tydens die oorlog was 338 man.

### Statistiese samevatting van die Suid-Afrikaners wat in die Tweede Wêreldoorlog gedien het

Altesaam 334 324 voltydse vrywilligers van alle bevolkingsgroepe het gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die Unieverdedigingsmag gedien. Hiervan was 211 193 Blankes, 45 892 Kleurlinge en Indiërs en 77 239 Swartes.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het 12 046 lede van die UVM omgekom.

## NA-OORLOGSE HERORGANISASIE, 1946–1959

### Demobilisasie en herorganisasie: 1946–1956

Soos na die Eerste Wêreldoorlog, was die UVM se onmiddellike prioriteite na die Tweede Wêreldoorlog, die aftakeling van die enorme oorlogsmasjien wat tydens die oorlogsjare opgebou is. Dit het in die eerste plek die demobilisasie van duisende vol- en deeltydse vrywilligers, wat by die UVM aangesluit het, behels. Tweedens is die talryke vrywilligereenhede, wat spesifiek geskep is vir die duur van die oorlog, ontbind.

Die Minister van Verdediging en die UVM se Opperbevel was egter daarop bedag om nie dieselfde fout te maak nie, nl om die UVM algeheel af

te skaal in terme van mannekrag en wapens, soos wat na die Eerste Wêreldoorlog gemaak is.

Na afhandeling van die demobilisasieprogram in 1946, is besluit om twee volledige divisies in die UVM op te rig en te onderhou. Hulle was 1 SA Infanteriedivisie en 6 SA Pantserdivisie, wat onderskeidelik uit 1, 2, 3, 12 en 13 (BM) Infanteriebrigade (BM) en die 11 Pantserbrigade (SM) bestaan het. Die divisies het amptelik op 1 Julie 1948 tot stand gekom, maar met die uitsondering van 11 Pantserbrigade, is al hierdie formasies op 1 November 1949 ontbind. Dit was hoofsaaklik te wyte aan probleme om wat ondervind is met die werwing van vrywilligers vir die Burgermagbrigades. Op 1 Oktober 1953 is 11 Pantserbrigade ook ontbind.

Die UVM se probleme in die verkryging van genoeg vrywilligers om die range van die ABM in die na-oorlogse tydperk te vul, het gelei tot die instel van die lotingstelsel vir diensplig in 1953. Die Verdedigingswet (1912) het voorsiening gemaak vir 'n keuringsisteem dmv loting om burgers te verplig om militêre opleiding te ondergaan. Die stelsel is egter nooit ingestel nie en tot 1952 het die ABM slegs uit vrywilligers bestaan. Die nuwe stelsel was so ontwerp dat die persentasie burgerlikes van elke landdrosdistrik dwarsoor die Unie sover moontlik dieselfde was. Daar is ook besluit om die opleidingstydperk van die ABM na drie maande aaneenlopend binne die eerste jaar te verhoog en 21 dae gedurende die tweede, derde en vierde jare.

In 1953 is 'n komitee onder die leiding van brig H.B. Klopper aangestel om die heraanwysing en verspreiding van ABM-eenhede te oorweeg, ten einde 'n meer eweredige geografiese en taalverspreiding in verhouding met die mannekrag te verseker. Die komitee het aanbeveel dat sommige Engelssprekende eenhede omgeskakel word na Afrikaanse eenhede, terwyl ander regimente moes saamsmelt of verklein word. Ten spyte van vertoë deur sommige eenhede, is die reorganisasie op 1 Januarie 1954 deurgevoer.

Gedurende 1956 is verdere herorganisasie moontlik gemaak deur die aansienlike toename in burgerlikes wat in sommige gebiede vir militêre opleiding geloot is. Die UVM is ooreenstemmend gereorganiseer om te bestaan uit 32 Afrikaanse eenhede (insluitend 6 veldregimente, 2 medium regimente, 3 ligte lugafweerregimente, 5 tenkeenhede en 4 pantserkareenhede) en 20 Engelstalige eenhede (3 veldregimente, 1 medium regiment, 1 ligte lugafweerregiment, 10 infanterieregimente, 4 tenkeenhede en 1 pantserkareenheid). Hierdie veranderinge is op 22 September 1956 geïmplementeer.

Op bevel- en beheervlak is die pos Adjunk-hoof van die Generale Staf in 1948 omgeskakel na Direkteur-generaal van die Landmag (DGLM) en in 1951 is die Direkteure van Land-, Lug- en Seemag na Leër-, Lug-, en Vloot- en Marinestafhoof onderskeidelik herbenoem.

In 1953 is die pos Inspekteur-generaal in die Generale Staf onmiddellik onder die HGS geskep. Operasies, opleiding, mobilisasie, inligting en algemene administrasie was die verantwoordelikhede van die 3 stafhoofde, terwyl die AG, KMG en Geneesheer-generaal verantwoordelikheid vir hul spesialisdienste behou het.

Die pos HGS is in 1956 na Kommandant-generaal verander.

Die dekade na die Tweede Wêreldoorlog het verskeie noemenswaardige ontwikkelings in die UVM opgelewer. Hieronder was die naamverandering van die SA Seemag na die SA Vloot in Januarie 1951 en die ontstaan van die SA Marinierskorps op 1 Julie 1951 en die ontbinding daarvan op 1 Oktober 1955 asook die stig van die Militêre Akademie op 1 April 1950.

'n Ander betekenisvolle ontwikkeling was die amptelike herorganisasie van kommando's en skietverenigings, wat vroeër op 'n losse grondslag georganiseer was, as skietkommando's in 1949.

## Die Berlynse lugbrug en Korea

In terme van aktiewe deelname aan krygsoperasies, was die dekade na die Tweede Wêreldoorlog relatief stil in soverre dit die Leër en die Vloot aangaan, maar gedurende dié tydperk het die SALM by twee geleenthede operasioneel opgetree.

In 1948, teen die einde van die toenemende spanning in die verhoudinge tussen die Weste en die Oosblok, het die Sowjet-Unie die oorlandse verbindingsweë tussen Wes-Berlyn en sy voedselvoorrade in Wes-Duitsland afgesny in 'n poging om die Westerse lande uit Wes-Berlyn te forseer. Die gevolg hiervan was dat alle voorrade mbv 'n lugbrug na Wes-Berlyn moes gaan – die daaglikse behoefte van die 2,5 miljoen Wes-Berlyners was in die omgewing van 1 250 ton voedsel en 3 000 ton steenkool per dag.

Die SALM is ook opgeroep om by te dra tot die jaarlange Brits-Amerikaanse lugbrug na Wes-Berlyn deur die voorsiening van 20 lugbemanningslede vir die daaglikse diens.

Die lugbemanning, het na intensiewe opleiding by die RAF-basis te Bassingbourne, nie minder nie as 1 240 sendings in die RAF se Dakotas vanaf die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 17, Nr 2, 1987. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Duitse stad Lübeck gevlieg. Teen 15 April 1949, toe die blokkade deur die Sowjet-Unie opgehef is, het die Suid-Afrikaners reeds 4 133 ton voorrade na Wes-Berlyn ingevlieg.

Slegs 'n jaar na die SALM se bydrae tot die opheffing van die Wes-Berlynse blokkade, is die SALM weer eens opgeroep om die Westerse lande en Verenigde Nasies teen kommunistiese aggressie by te staan.

Hierdie keer was die vegtoneel Korea, waar kommunistiese magte van Noord-Korea die Republiek van Suid-Korea op 25 Junie 1950 binnegeval het.

Met die besluit van die Verenigde Nasies om op versoek van die Verenigde State, militêr in te gryp aan die kant van die Suid-Koreane, het die Unieregering, as stigterslid van die Wêreldliggaam, min tyd verspil deur 2 Eskader se dienste aan te bied. Die aanbod is met dank aanvaar en op 27 September het 49 offisiere en 157 manskappe van 2 Eskader (almal vrywilligers) vertrek na die Johnson-Lugmagbasis in Tokio, waarvandaan hulle na Korea sou vertrek.

Na 'n haastige oorskakeling na die Amerikaanse F-15 Mustang, is die "Flying Cheetahs" in November 1950 by K-24-lugbasis naby die Noord-Koreaanse hoofstad van Pyongyang ontplooi as deel van die Amerikaanse Lugmag se 6 002de Taktiese Ondersteuningsvleuel.

Die Suid-Afrikaanse vlieëniers is onmiddellik aangewend ter ondersteuning van die aanrukkende VN-magte, maar met die grootskaalse toetrede van die Rooi China tot die konflik teen die einde van November is die VN-magte gedwing om terug te trek. Vroeg in Desember het die Eskader verder suid na K-13-lugmagbasis naby Suwon onttrek.

Na 'n verdere gedwonge suidwaartse terugtrekking na die K-10-lugmagbasis te Chinhae, waar die Eskader onder die bevel van die Amerikaanse Lugmag se 18de Jagbomvleuel gekom het, het die Suid-Afrikaners die moeilike taak gekry om byna deurlopend noue ondersteuningsvlugte teen die oprukkende Chinese magte te vlieg. Ten spyte van die primitiewe toestande by K-10 en die swak weer, het die vlieëniers van 2 Eskader sukses behaal deur die vyand se troepemag en vervoer swaar verliese toe te dien.

Teen Maart 1951 is die Chinese offensief gestuit en genl Stratemeyer, Bevelvoerder van die *Far Eastern Air Force*, het sy ondergeskikte lugeenhede opdrag gegee om hulle aanvalle hoofsaaklik teen die vyand se logistieke aanvoerlyne te rig.

Gevolglik was 2 Eskader se pogings vir die res van die oorlog daarop gemik om vol te hou met die interdiksie van die Kommuniste se logistieke stelsels. Dit was geen maklike taak nie, want teikens was moeilik identifiseerbaar tussen die berge, klowe, diep skeure, smal valleie, moddervelde enryslande. Die probleem is vererger deurdat die beskikbare kaarte onakkuraat was en vanweë die eendersheid van talle plekname. Aanvullend het die vyand hulle boonop onderskei in kamoefleertegnieke en herstelwerk.

Ten spyte van hierdie belemmerings het 2 Eskader tussen 1951 en 1952 talle buitengewone prestasies behaal: eers vanaf K-10 en later K-13-, K-46- en K-55-vliegvelde. Die Eskader se intense betrokkenheid in die daaglikse offensiewe uitvlugte het gelei tot heelwat ongevalle hoofsaaklik agv lugafweervuur.

Teen die einde van 1952 het die Eskader die nuus ontvang dat hulle sou oorskakel na F-86F Sabre-stralers. Na verskeie weke van oorskakelingsvlugte te K-55-lugmagbasis, het die Suid-Afrikaners in Februarie 1953 met operasionele vlugte in die nuwe Sabres begin.

Die Eskader het onmiddellik sukses met hulle Sabres in die interdiksievlugte teen Noord-Korea behaal, maar laat in Mei het die Kommuniste 'n laat offensief van stapel gestuur. Dit het die Eskader se rol weer eens na nousteunvlugte laat omswaai.

Die Kommuniste se offensief was egter in sy doodsnikke, omdat die onderhandelaars te Panmunjon reeds 'n ooreenkoms oor die detail van die wapenstilstand bereik het. Op 23 Julie 1953 is alle offensiewe teen die Noorde gestaak en vier dae later is 'n wapenstilstand-ooreenkoms, waardeur die oorlog beëindig is, onderteken.

Tussen November 1950 en Julie 1953 het 2 Eskader 12 405 uitvlugte gehad, waarvan 10 373 in Mustangs. Van die 95 Mustangs wat deur die eskader gebruik is, is 74 in aksie of ongelukke verloor, wat baie was in die uiters swak vliegtoestande. Vyf van die Sabres is verloor. Altesame 826 Suid-Afrikaners het in Korea gedien en van wie 34 vlieëniers gedood, 8 gevange geneem en 2 grondpersoneellede gedood is. Die Eskader se suksesse het egter hulle verliese by verre oortref, want teen Julie 1953 kon die eenheid die vernietiging van 18 tenks, 160 veldkanonne, 120 lugafweerkanonne, 615 voertuie, 4 lokomotiewe en 200 spoorwegtrokke, 46 spoor- en padbrûe, 49 brandstof- en oliedepots, 243 ander voorraaddepots en 3 021 geboue aanteken. Die Eskader het ook die vyand se spoorlyne op 472 plekke ontwrig.

Baie van die Suid-Afrikaners het waardevolle ondervinding in operasionele vliegkuns opgedoen. Trouens, die Eskader het na die beëindiging van vyandelikhede opleiding met die Sabres voortgesit. Die laaste Suid-Afrikaners het Korea eers op 29 Oktober 1953 verlaat.

## Konsolidasie: 1957—1959

Die tydperk 1957—1959 kan bestempel word as 'n tydperk van konsolidasie vir die SA Weermag, waartydens die na-oorlogse reorganisasie en veranderings afgehandel en deurgevoer is.

Die belangrikste gebeurtenis gedurende hierdie periode, was die aanname van die Verdedigingswet (No 44 van 1957). Die Verdedigingswet het die bepalings van die ou Verdedigingswet en sy wysigings van 1922 en 1932, versterk en verbeter. Onder die belangrikste bepalings was: die verandering van die naam Unieverdedigingsmag na die SA Weermag (SAW); die herbenoeming van die Aktiewe Burgermag en SA Staande Mag na Burgermag en Staande Mag onderskeidelik; die insluiting van die kommando's by die SAW en die uitsluiting van die Reserwe; die afkondiging van noodtoestande; die instelling van Suid-Afrikaanse dekorasies en die daarstelling van nuwe uniforms en kentekens vir die Leër, Lugmag en Vloot.

Die grootste stukrag van die Verdedigingswet van 1957 was om 'n reeks veranderings, wat die SA Weermag 'n suiwer Suid-Afrikaanse karakter gegee het, by wyse van wetgewing deur te voer.

Die jaar 1957 was ook betekenisvol vanweë 'n ander belangrike gebeurtenis wat die SAW geraak het, nl die amptelike oorhandiging van die Britse Vlootbasis te Simonstad aan die Unie van SA. Op 2 April is die basis aan die SA Vloot oorhandig in terme van 'n vorige ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging, mnr F.C. Erasmus, en die Britse Minister van Verdediging, sy Hoogs Edele Selwyn Lloyd. Die plegtigheid is oa bygewoon deur die Britse Minister van Marine, die Graaf van Selkirk.

Die Simonstadse ooreenkoms het die SA Vloot algehele en permanente beheer oor die vlootbasis gegee, in ruil vir sekere voorregte in die gebruik van die basis deur die Britse Vloot. Die ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die aankoop van 6 (later verminder na 4) tipe 12 fregatte, 10 kusmynveërs en 4 seeweerbote vanaf die Verenigde Koninkryk, deur die SAW.

Die Simonstadse ooreenkoms het 'n era van onverwagte uitbreiding en modernisasie in die SA Vloot ingelei. Onder die belangrikste administratiewe veranderinge wat die ooreenkoms gevolg het, was die verskuiwing van die Vlootstafhoof en Vloothoofkwartier vanaf Durban na Simonstad.

Wat die res betref, het die jare 1958 en 1959 niks opspraakwekkend opgelewer wat die SAW betref nie. Die belangrikste gebeurtenis was 'n verdere herstrukturering van die Burgermag wat 'n vermindering van die aantal eenhede en sekere veranderings in hulle rol teweeggebring het.

Die eerste fase van die herstrukturering, wat in 1958 beplan is, is in Januarie 1959 geïmplementeer. Die tweede fase sou in Februarie die volgende jaar afgehandel wees. Die herorganisasie het die Burgermag met 51 regimente en 2 subeenhede gelaat. Hiervan was 22 regimente en een subeenheid Afrikaans en 16 regimente en een subeenheid Engelstalig. Die res van die eenhede was tweetalig.

## MODERNISERING EN UITBREIDING: 1960—1970

In die sestigerjare is Suid-Afrika in 'n toenemende mate deur die internasionale gemeenskap geïsoleer. Gedurende Republiekwording in 1961 het talle Afrikastate onafhanklikheid verkry en hulle het op 'n wapenverbod teen Suid-Afrika aangedring. Die kommunistiese bedreiging en kommunisties-geïnspireerde insurgensie in Afrika was ook besig om toe te neem.

Dit was teen dié agtergrond van groeiende isolasie en toenemende buitelandse druk dat die Regering en die Opperbevel van die Suid-Afrikaanse Weermag besluit het om die SAW te vergroot en paraatheid en doeltreffendheid te verbeter.

Op 8 Desember 1962 verleen die Kommandant-generaal beginselgoedkeuring vir 'n program van uitbreiding in die SA Leër. In 1964 is 'n groot getal bykomende Burgermageenhede gestig om te verseker dat genoeg eenhede in 'n ondersteunende rol tydens mobilisasie beskikbaar sal wees. Op 4 Mei 1965 word die skep van 51 bykomende Burgermageenhede miv 1 April 1965 deur die Kommandant-generaal goedgekeur. Die oorskakeling van 16 van hierdie kadereenhede na funksionele eenhede in 1966 is ook goedgekeur.

Afgesien van die uitbreiding van die Burgermag, is stappe gedoen om die gevegsgereedheid en doeltreffendheid van die SAW te verbeter. In Januarie 1962 is 'n stelsel van Voltydse Magseenhede bekendgestel, waardeur 'n sekere aantal eenhede uit die onderskeie gevegsdienste en korpse gekies en met die oog op onrus op 'n permanente bystandsgrondslag geplaas is. Die stigting van die Voltydse

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 17, Nr 2, 1987. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Mag was 'n poging om die nadele van die Burgermag, met sy lang tydperke van onaktiwiteit, gekompliseerde en uitgerekte mobilisasieprosedures, te oorbrug. Die Voltydse Mag is teen die einde van 1967, op die vooraand van die instelling van die nuwe Nasionale Dienspligstelsel, ontbind.

Vroeg in die sestigerjare het dit vir die Opperbevel van die SAW duidelik geword dat die hele aard van oorlogvoering besig was om te verander, met 'n klemverskuiwing van konvensionele oorlogvoering na verskeie vorms van onkonvensionele oorlogvoering en insurgensie. Daar is besluit om ses Gevegsgroepe te stig vir die voer van onkonvensionele oorlogvoering. Die eerste vier, naamlik 11–14 Gevegsgroep, is op 1 Januarie 1961 gestig en is gevolg deur 15 en 16 Gevegsgroep op 1 April 1963. Met die herwaardering van die rol van bevelvoering, is die Gevegsgroepe aan die einde van die dekade ontbind.

Wat konvensionele formasies betref, het 7 SA Divisie en 11–19 Brigade op 1 April 1965 tot standgekom. Probleme met die bemanningsvlakke het veroorsaak dat 7 SA Divisie op 1 November 1967 ontbind en deur Leër Taakmag (HK) en 16 Brigade vervang is.

Die ambisieuse planne vir die uitbreiding van die Burgermag word in die middel sestigerjare gekortwiek agv die tekort aan mannekrag. Die lotingstelsel was in hierdie stadium 'n ondoelmatige manier om die Burgermag van mannekrag te voorsien, aangesien dit te onbuigbaar en te beperk was in die aanwending van die beskikbare mannekrag.

Die Groenewald-komitee is as gevolg van die lotingstelsel se tekortkominge, in 1965 aangewys om 'n alternatiewe vorm van militêre diensplig te oorweeg. Die mening het bestaan dat die lotingstelsel in 'n sekere mate onbillik was aangesien dit 'n stelsel van willekeurige diskriminasie was. In die praktyk is getoon dat, behalwe deur mobilisasie, dit nie onder die lotingstelsel moontlik was om die bestaande Burgermageenhede tot hulle volle sterkte op te bou nie. Maar dit was nog minder moontlik om nuwe eenhede in verhouding tot die vredestydse behoeftes te stig.

Die Groenewald-komitee se aanbevelings het gelei tot die instelling van 'n nuwe nasionale dienspligstelsel op 1 Januarie 1968 waarby alle medies geskikte manlike burgers vanaf agtienjarige ouderdom vir militêre diensplig in aanmerking kom. Diens in die Burgermag is van 4 jaar tot 10 jaar verhoog en die onafgebroke opleiding is van 'n maksimum tydperk van 9 maande na 'n tydperk van 12 maande verleng.

Die groot veranderinge wat binne die organisasie van SAW plaasgevind het, het in dieselfde tydperk gepaardgegaan met 'n belangrike verandering in die topstruktuur van die SAW.

In 1966 is die Generale Staf deur 'n Opperbevel vervang, wat gebaseer was op die beginsel van verenigde leierskap en bestaan het uit die Kommandant-generaal, Bevelvoerder Maritieme Verdediging en Hoof van die Vloot, Bevelvoerende Generaal Gesamentlike Gevegsmagte, Hoof van Leërstaf en Lugstafhoof.

Terselfdertyd is besluit om die siviele pos van Sekretaris van Verdediging af te skaf. Dit was nou die Kommandant-generaal se verantwoordelikheid as Departementshoof om die bykomende titel van Sekretaris van Verdediging te aanvaar en die Komptroleur se afdeling is gestig om baie van die Sekretariaat van Verdediging se werk oor te neem.

Die vinnige uitbreiding van die Weermag het verdere organisatoriese veranderinge teweeggebring. In 1968 is 'n vyfde lid by die Opperbevel gevoeg nl die Hoof van Verdedigingstaf, wat as hoof van 'n koördinerende stafgroep sou dien. In die ondersteuningsdienste het Hoof van Weermagadministrasie die Adjudant-generaal vervang, Hoof van Logistieke Dienste het by die Kwartiermeester-generaal en Tegniese Dienste oorgeneem, en 'n Direkteur van Militêre Inligting is aangestel. Daarby is die posbenamings van die Weermagsdele se Stafhoofde vervang met Hoof van die Leër, Hoof van die Vloot en Hoof van die Lugmag. Dié poste van die Hoofde van die Weermagsdele is terselfdertyd opgegradeer en toegerus met hulle eie Stafhoofde vir administratiewe doeleindes.

Teen 1970 is verdere organisatoriese veranderinge ingevoer en die Hoof van Weermagadministrasie is by die raadgewende liggaam van die Opperbevel gevoeg. Sy funksie was om op hoë vlak personeelsake, algemene administrasie, doeltreffendheidstudies en kwartiermeester-aangeleenthede te hanteer. Die Direkteur Personeeladministrasie, Direkteur Algemene Administrasie, Direkteur Algemene Bestuurstelsels en Kwartiermeester-generaal is direk verantwoordelik aan die Hoof van Weermagadministrasie gemaak.

## UITDAGING EN RESPONS: 1971–1975

Die isolasie en buitelandse bedreiging wat Suid-Afrika gedurende die sestigerjare in die gesig gestaar het, het vroeg in 1970 verder vererger. In hierdie stadium was die Republiek se buurstate in die noorde onderworpe aan opsetlike kommunisties-geïnspireerde veldtogte van destabilisasie, ter-

wyl die eerste voorvalle van terreur in SWA en die Republiek voorgekom het.

Die toenemende konvensionele en onkonvensionele bedreiging teen die Republiek het verdere belangrike organisatoriese veranderinge binne die SAW teweeggebring.

Op 1 September 1972 is Leër Taakmag (HK) se naam verander na Hoofkwartier 7 SA Infanteriedivisie. Na 'n indringende ondersoek na metodes om die funksionering van die SA Leër te bevorder, is in 1974 besluit om die Leër se konvensionele magte in 2 divisies te verdeel: 7 SA Divisie (7—73 Gemotoriseerde Brigade) en 8 SA Pantserdivisie (81 Gemotoriseerde Brigade, 82 Gemeganiseerde Brigade en 84 Gemotoriseerde Brigade). Die Hoofkwartiere van die 2 divisies is op 1 Augustus 1974 gestig en hulle vorm tot vandag toe nog die basis van die organisasie van Suid-Afrikaanse konvensionele magte.

Naas hulle konvensionele rol, is die Burgermag en Kommando's hergroepeer om 'n meer doeltreffende rol in teeninsurgensie-operasies te speel. In 1975, na die herwaardering van die rol van kommandemente in die vorige dekade, is die beplanning en voer van teeninsurgensie-operasies na die gebiedskommandemente gedesentraliseer. Aan elke offisier in bevel van 'n kommandement is die verantwoordelikheid gegee om maatreëls te tref om vyandelike insurgensie te bekamp en teeninsurgensie-operasies binne hulle gebiedsgrense te onderneem. Kommando's in sy gebied sowel as 'n aantal Burgermageenhede is vir dié doel onder sy direkte beheer geplaas om sodoende 'n onafhanklike teeninsurgensiemag te vorm.

In 'n poging om mannekragvlakke te versterk, is 'n stelsel van vrywillige verlenging van Nasionale Diensplig in 1974 ingevoer.

In 1972 is die Opperbevel van die SAW deur 'n Verdedigingstafraad vervang. Die lede van dié liggaam was almal lede van die eertydse Opperbevel terwyl die Hoof van Weermagadministrasie bygekom het.

Teen 1975 is die poste van Bevelvoerende Generaal Gesamentlike Gevegsmagte en Bevelvoerder Maritieme Verdediging afgeskaf en is hul verantwoordelikheid deur die drie Weermagsdeelhoofde oorgeneem. Dit het veroorsaak dat die gevegsdienste onder die direkte bevel van die Hoof van die SAW gestaan het.

Die verantwoordelikhede van die Hoof van Weermagadministrasie is intussen verdeel tussen die onderskeie stafafdelings, elkeen met sy eie Hoof van Staf.

In 1975 het vier van dié Stafafdelings bestaan nl Personeel, Inligting, Operasies en Logistiek.

Die reorganisasie en modernisering van die SAW wat gedurende die sestigerjare en vroeë sewentigerjare plaasgevind het, is kort daarna op proef gestel. Die SA Weermag het in 1973 die polisie se verantwoordelikheid vir die verdediging van SWA oorgeneem en in die daaropvolgende maande het die SA Leër vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog in skermutselings (met SWAPO) betrokke geraak.

In 1975 is die operasionele doeltreffendheid en gevegsgereedheid van die SAW ten volle getoets toe dit opdrag gekry het om in die Angolese Burgeroorlog tussenbeide te tree teen die kommunisties-ondersteunde MPLA. Die hoofdoel van die RSA se beperkte ingryping in Angola was om te verhoed dat Suidwes-Afrika deur die Burgeroorlog geraak word.

Nieteenstaande die grootskaalse verskaffing van gesofistikeerde wapens deur die Russe aan die MPLA en die ondersteuning van duisende Kubaanse troepe, het die SAW in Angola – bestaande uit omtrent 2 000 soldate – hulle goed van hul taak gekwyt. Verskeie groot oorwinnings is oor die beter toegeruste MPLA en Kubane, wat ook 'n getalsoormag geniet het, behaal.

## DIE HEDENDAAGSE SA WEERMAG: 1976—1987

### Die wapenverbod en die herbewapening van die SAW: 1970—1987

Ondanks die indrukwekkende vertoning van die SA magte teen die Kubane en MPLA, het die operasies in Angola sekere tekortkoming in Suid-Afrikaanse wapentuig, waarvan meeste uit die Tweede Wêreldoorlog gedateer het, aan die lig gebring. Die SAW se artillerie is veral in die skadu gestel deur die Kubane se Russies-vervaardigde artillerie- en vuurpylstelsels.

SA was reeds in die vroeë sestigerjare aan 'n wapenverbod onderhewig en derhalwe het die SA Weermag verouderde wapentuig gehad. Brittanje was een van die eerste lande wat 'n wapenverbod op die Republiek geplaas het (in die sestigerjare) en dit het kort daarna (vroeë sewentigerjare) die Simonstad Ooreenkoms herroep.

Die internasionale verpligte wapenboikot teen die Republiek het wesenlik in November 1977 beslag gekry toe die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies 'n wapenverbod teen Suid-Afrika ingestel het.

Die SA Weermag se ondervindinge gedurende die Angolese Burgeroorlog en die VN-resolusie van November 1977 het inderwaarheid vir 'n dramatiese verstewiging in die Republiek se wapenbedryf gesorg.

Die ontwikkeling van Suid-Afrika se wapenbedryf het reeds in die middel sestigerjare 'n aanvang geneem met die stigting van die Krygstuigvervaardigingsraad, die voorloper van die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika (Krygkor). Krygkor het aanvanklik kleingewere en 'n verskeidenheid ammunisie vervaardig, maar laat in 1970 het dit duidelik geword dat die Republiek selfonderhoudend in die ontwikkeling en vervaardiging van sy eie krygstuig moes word indien die Republiek wou voortgaan om die land suksesvol te verdedig.

Dit het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika se wapenbedryf 'n skouspelagtige bloeitydperk beleef het. In die dekade na die VN se wapenverbod, het Krygkor daarin geslaag om die SAW met 'n reeks gesofistikeerde wapens te voorsien wat gelyk aan, of selfs in sekere opsigte beter was as die beste wapentuig elders in die wêreld. Hoogtepunte wat genoem kan word, is: die ontwikkeling van 'n reeks infanteriegevegsvoertuie/pantservoertuie; die G5- en G6-155-mm-artillerie- en 127-mm Valkiri-vuurpylstelsels en die SAMIL-reeks militêre voertuie vir die Leër; die ontwikkeling van die Kukri-hittegeleide missiel en Cheetah-vegvliegtuig vir die Lugmag; en die ontwerp en ontwikkeling van missieltoegeruste aanvalsvaartuie vir die Vloot.

Vandag is die SA Weermag, danksy die merkwaardige prestasies van die SA wapenbedryf gedurende die dekade na die VN wapenverbod, een van die bes toegeruste en mees gevorderde gevegsmagte in die wêreld. Die toekoms van die SA wapenbedryf lyk op hierdie tydstip veral rooskleurig aangesien die Republiek sy eie produkte kan uitvoer, waarvan die opbrengs vir navorsing en ontwikkelingsdoeleindes vir die produsering van meer wapens en toerusting gebruik kan word.

## Operasionele hoogtepunte: 1976—1987

In die tydperk na die Angolese Burgeroorlog het SWAPO sy terreurveldtog teen SWA/Namibië versterk en het die SAW met toewyding die taak opgeneem om die inwoners van SWA teen intimidasie te beskerm.

Die SA Weermag was aan die begin tevrede met 'n passiewe verdediging van die gebied, maar algaande het dit verander in 'n offensiewe strategie wat aanvalle teen SWAPO-basisse in Angola ingesluit het. Die SA Weermag het besef dat die enigste manier om te keer dat SWAPO SWA/Namibië binneval, was om die SWAPO-basisse aan te val en sodoende hulle logistieke kommunikasie en ander geriewe te verwoes.

Die resultaat van die verandering in strategie was 'n reeks skouspelagtige en suksesvolle aanvalle deur hoogs gemobiliseerde taakmagte teen SWAPO-basisse in Angola in die tydperk 1978–1983. Die belangrikste operasies was: REINDEER (Mei 1978), SCEPTIC (Junie 1980), PROTEA (Augustus–September 1981), DAISY (Oktober-November 1981), SUPER (Maart 1982) en ASKARI (Desember 1983). Gedurende Operasie PROTEA, die grootste gemeganiseerde operasie deur die SAW sedert die Tweede Wêreldoorlog, is groot hoeveelhede gesofistikeerde wapentuig buitgemaak en vernietig. Die vyand se hele logistieke stelsel in suidelike Angola is ook vernietig.

Die sukses van die SAW se offensiewe beleid teenoor SWAPO het dié organisasie se grootste ondersteuner, die MPLA-regering in Luanda, gedwing om in 1984 'n verdrag met die RSA te sluit. Dit het behels dat die SAW sy troepe uit Angola moes onttrek terwyl die MPLA onderneem het om enige aktiewe steun aan SWAPO te staak. Die MPLA-regering het later die verdrag verbreek, maar teen 1987 was die SWA Gebiedsmag en die SAW onteenseglik besig om die oorlog teen SWAPO te wen.

In die tydperk vanaf 1976—1987 was daar ook 'n toename in ANC-terroriste aanvalle binne die Republiek. Die SAW was gevolglik genoodsaak om verskeie kere tussen 1981 en 1987 ANC-basisse en -hoofkwartiere in Mosambiek, Botswana, Lesotho, Zambië en Zimbabwe aan te val. Die SAW aanvalle teen ANC-teikens was sonder uitsondering suksesvol.

Die operasionele ondervinding wat die SAW gedurende onkonvensionele operasies in die laaste dekade opgedoen het, het hom in een van die mees effektiewe en doeltreffendste teen-insurgensiemagte in die wêreld omskep. Die konvensionele aspek van die SAW se gevegsgereedheid is intussen nie verwaarloos nie; die konvensionele magte is vandag opgelei en toegerus om enige voorsienbare bedreiging teen die Republiek teen te staan.

## Organisatoriese veranderings: 1976—1987

Die veiligheid van die Republiek wat die afgelope dekade binnelands sowel as van die buiteland bedreig is, het tot gevolg gehad dat verdere organisatoriese en strukturele veranderinge ingevoer is om

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 17, Nr 2, 1987. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

die SAW se gevegsgereedheid en doeltreffendheid te verbeter.

Weens die kroniese tekort aan mannekrag in die Weermag, is die aanvanklike Nasionale Diensplig-tydperk in Januarie 1978 van 12 maande na 24 maande verleng. Die vorige stelsel van vrywillige uitbreiding wat in 1974 ingestel is, was nie juis suksesvol nie en is uitgefaseer. Die verlengde diensplıgtydperk was van toepassing op die Januarie en Julie 1977 Nasionale Dienspligtige innames. Vanaf Januarie 1983 was die diensperiode van Burgermagpersoneel, na die voltooiing van hul dienspligtydperk, verleng na 720 dae oor 12 jaar.

Die belangrikste veranderinge wat gedurende 1976–1985 plaasgevind het, was die ontstaan van die vyfde Stafafdeling, Finansies, in 1978 en die herorganisasie van die SA Geneeskundige Diens as die vierde Weermagsdeel in Julie 1979. Die eerste fase van 'n belangrike organisatoriese herstrukturering van die SAW, na 'n intensiewe ondersoek van die SAW deur 'n Kommissie onder voorsitterskap van genl J.J. Geldenhuys in 1980, is in 1986 tot uitvoering gebring met die aanstelling van 'n Hoof van Weermagstaf, wat net soos sy voorganger in die sestigerjare, die taak het om die funksies van die Stafafdelings en Ondersteuningsdienste te koördineer. 'n Sesde stafafdeling, nl Beplanning, het ook in 1986 tot stand gekom.

## BRONNE

### Artikels en pamflette in die SAW-Argief


1. "OP BRANDWAG - DRIE EEUE MILITÊRE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA", deur Kmdt (dr) Jan Ploeger.
2. "HISTORY OF THE DEFENCE FORCE". Anonieme pamflet in Publikasie-groep.
3. "A PROUD MILITARY TRADITION". Anonieme pamflet in Publikasie-groep.
4. "THE SUPREME COMMAND IN SOUTH AFRICA 1912–1975" Anonieme pamflet in Publikasie-groep.
5. "DIE VOORGESKIEDENIS VAN DIE DIREKTEUR-GENERAAL VAN DIE LANDMAG", deur Mej E.J.C. Snyders, in die Publikasie-groep.
6. "THE HISTORY OF THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE". Anonieme pamflet in Publikasie-groep.
7. "ASPECTS OF THE DEVELOPMENT OF SOUTH AFRICA'S CITIZEN FORCE LAND FORCES SINCE THE SECOND WORLD WAR", deur Lt J.L. Schneider.
8. "ONTMOET ONS WEERMAG", saamgestel deur die Militêre Informasieburo.
9. "SAW - KORT GESKIEDENIS". Anonieme pamflet in Publikasie-groep.
10. "THE SOUTH AFRICAN FORCES AND WORLD WAR I". Saamgestel deur SAW Dokumentasiediens.
11. "SA FORCES IN THE SECOND WORLD WAR". Saamgestel deur SAW Dokumentasiediens.
12. "ONGEVALLE TYDENS OORLOË". Publikasie-groep.
13. "GLANSPUNTE IN DIE SAW". Anonieme pamflet in Publikasie-groep.
14. "SOUTH AFRICA AT WAR". Pamflet saamgestel deur SAW Dokumentasiediens.
15. MILITARIA 12/2 (1982).


### Tydskrifte en pamflette


16. "PER ASPERA AD ASTRA". SAW GEDENKUITGAWE PUBLIKASIE, 1922–1972.
17. "SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE". Pamflet uitgereik deur die Departement van Buitelandse Sake.
18. "KRYGKOR 20 ARMSCOR" in SALVO, November 1984. Vol 13 No 10.